WET OP NASIONALE OMGEWINGSBESTUUR 107 VAN 1998

[GOEDGEKEUR OP 19 NOVEMBER 1998] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 29 JANUARIE 1999]

(Engelse teks deur die President geteken)

soos gewysig by

"Mineral and Petroleum Resources Development Act" 28 van 2002
Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 56 van 2002
Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 8 van 2004

ook gewysig by

Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003
[met ingang van 'n datum wat geproklameer sal word - kyk PENDLEX]

WET

Om voorsiening te maak vir samewerkende omgewingsbestuur deur die daarstelling van beginsels vir die besluitneming oor aangeleenthede rakende die omgewing, instellings wat samewerkende bestuur sal bevorder en prosedures vir die koördinering van omgewingswerksaamhede wat deur staatsorgane uitgeoefen word; om voorsiening te maak vir die verbod op, beperking of beheer van aktiwiteite wat waarskynlik die omgewing kan benadeel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

[Lang titel gewysig by a. 3 van Wet 56 van 2002.]

[LW: Die lang titel is vervang deur a. 13 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

Aanhef

NADEMAAL baie inwoners van Suid-Afrika in 'n omgewing woon wat skadelik is vir hul gesondheid en welsyn;

elkeen die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir sy of haar gesondheid of welsyn is nie;

die Staat die maatskaplike, ekonomiese en omgewingsregte van elkeen moet respekteer, beskerm, bevorder en vervul en daarna moet streef om te voldoen aan die basiese behoeftes van voorheen benadeelde gemeenskappe;

ongelykheid in die verdeling van rykdom en hulpbronne, en die gevolglike armoede, van die belangrike oorsake sowel as gevolge van omgewingskadelike praktyke is; volhoubare ontwikkeling die integrasie vereis van maatskaplike, ekonomiese en

omgewingsfaktore in die beplanning, implementering en evaluering van beslissings ten einde te verseker dat ontwikkeling huidige en toekomstige geslagte dien;

elkeen die reg het op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur middel van billike wetgewende en ander maatreëls wat-

besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;

bewaring bevorder; en

ekologies volhoubare ontwikkeling en die aanwending van natuurlike hulpbronne verseker, terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder;

die omgewing 'n funksionele gebied van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid is, en alle regeringsfere en alle staatsorgane met mekaar moet saamwerk, oorleg pleeg en ondersteun;

EN NADEMAAL dit wenslik is-

dat die reg 'n raamwerk ontwikkel vir die inskakeling van goeie omgewingsbestuur in alle ontwikkelingsaktiwiteite;

dat die reg sekerheid moet bevorder met betrekking tot besluitneming deur staatsorgane oor aangeleenthede rakende die omgewing;

dat die reg beginsels moet daarstel wat die uitoefening van werksaamhede, rakende die omgewing, rig;

dat die reg moet verseker dat staatsorgane die beginsels handhaaf waardeur die uitoefening van werksaamhede rakende die omgewing gerig moet word;

dat die reg prosedures en instellings moet instel om regering van samewerking en inter-regeringverhoudings te vergemaklik en te bevorder;

dat die reg prosedures en instellings moet instel om openbare deelname in omgewingsbestuur te fasiliteer en te bevorder;

dat die reg deur die Staat afgedwing moet word en dat die reg die afdwinging van omgewingswette deur die burgerlike gemeenskap moet vergemaklik;

INHOUDSOPGAWE

1. Woordomskrywings

HOOFSTUK 1
NASIONALE OMGEWINGSBESTUURSBEGINSELS

2. Beginsels

HOOFSTUK 2
INSTELLINGS

Deel 1: Nasionale Omgewingsadviesforum

3. Instelling, oogmerke en werksaamhede van Forum
4. Samestelling
5. Voorwaardes van aanstelling
6. Werking van Forum

Deel 2: Komitee vir Omgewingskoördinasie

7. Instelling, oogmerke en werksaamhede van Komitee
8. Samestelling van Komitee
9. Vergaderings van Komitee, subkomitees en werkgroepe
10. Verslag van Komitee

HOOFSTUK 3
PROSEDURES VIR REGERING VAN SAMEWERKING

11. Omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne
12. Doel en oogmerke van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne
13. Inhoud van omgewingsimplementeringsplanne
14. Inhoud van omgewingsbestuursplanne
15. Voorlegging, bestudering en aanneming
16. Nakoming van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne

HOOFSTUK 4
BILLIKE BESLUITNEMING EN KONFLIKBESTUUR

17. Verwysing vir versoening
18. Versoening
19. Arbitrasie
20. Ondersoek
21. Aanstelling van paneel en vergoeding
22. Tersaaklike oorwegings, verslag en aangewysde beampte

HOOFSTUK 5
GEINTEGREERDE OMGEWINGSBESTUUR

23. Algemene doelstellings
24. Omgewingsmagtigings
[A. 24 vervang by a. 2 van Wet 8 van 2004.]
24A. Prosedure vir lysting van aktiwiteit of gebied
[A. 24A ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]
24B. Prosedure vir ontlysting van aktiwiteite of gebiede
[A. 24B ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]
24C. Prosedure om die bevoegde owerheid te identifiseer
[A. 24C ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

24D. Publikasie van lys
[A. 24D ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]
24E. Minimum voorwaardes gekoppel aan omgewingsmagtigings
[A. 24E ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]
24F. Misdrywe wat verband hou met die aanvang of voortsetting van gelyste aktiwiteite
[A. 24F ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]
24G. Regstelling van gelyste aktiwiteite wat onwettig 'n aanvang geneem het of voortduur
[A. 24G ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]
24H. Registrasie-owerhede
[A. 24H ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]
24I. Aanstelling van eksterne spesialis om bepaling te hersien
[A. 24I ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

HOOFSTUK 6
INTERNASIONALE VERPLIGTINGE EN OOREENKOMSTE

25. Inkorporasie van internasionale omgewingsdokumente
26. Verslae
27. Toepassing

HOOFSTUK 7
NAKOMING EN AFDWINGING

Deel 1: Omgewingsgevare

28. Plig tot sorg en regstelling van omgewingskade
29. Beskerming van werkers wat weier om omgewingsgevaarlike werk te verrig
30. Beheer van noodvoorvalle

Deel 2: Inligting, afdwinging en nakoming

31. Toegang tot omgewingsinligting en beskerming van verklikkers
32. Regsbevoegdheid om omgewingswette af te dwing
33. Private vervolging
34. Strafregtelike verrigtinge

HOOFSTUK 8
OMGEWINGSBESTUUR-SAMEWERKINGSOOREENKOMSTE

35. Sluiting van ooreenkomste

HOOFSTUK 9
ADMINISTRASIE VAN WET

36. Onteiening
37. Reservering
38. Toetrede tot gedingvoering

39. Ooreenkomste
40. Aanstelling van werknemers op kontrak
41. Opdra van bevoegdhede
42. Delegering
43. Appèlle
[A. 43 vervang by a. 4 van Wet 8 van 2004.]

44. Algemene regulasies
45. Regulasies vir bestuur-samewerkingsooreenkomste
46. Model omgewingsbestuurs-verordeninge
47. Prosedure vir uitvaardiging van regulasies

HOOFSTUK 10
ALGEMENE EN OORGANGSBEPALINGS

48. Staat gebonde
49. Beperking van aanspreeklikheid
50. Herroeping van wette
51. Voorbehoude
52. Kort titel
53. Inwerkingtreding

Bylaes

[w107j1998a1]1 Woordomskrywings

[LW: Omskrywings van "delegasie", "lugvaartuig", "omgewingsbestuursinspekteur", "spesifieke omgewingsbestuurswette" en "vaartuig" is ingevoeg deur a. 1 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

(1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

"aanvang", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die begin van enige fisiese aktiwiteit op die terrein ter bevordering van 'n gelyste aktiwiteit;

[Omskrywing van "aanvang" ingevoeg by a. 1 (a) van Wet 8 van 2004.]

"Agenda 21" die dokument met daardie naam wat aanvaar is tydens die Verenigde Nasies se Conference of Environment and Development gehou in Rio de Janeiro, Brazilië, in Junie 1992;

"aktiwiteite" ook beleid, programme, planne en projekte;

[Omskrywing van "aktiwiteite" vervang by a. 1 van Wet 56 van 2002.]

"bepaling", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die proses van die versameling, organisering, ontleding, vertolking en kommunikering van inligting wat by besluitneming ter sake is;

[Omskrywing van "bepaling" ingevoeg by a. 1 (b) van Wet 8 van 2004.]

"besoedeling" beteken enige verandering in die omgewing veroorsaak deur-

(i) stowwe;

(ii) radio-aktiewe of ander golwe; of

(iii) geraas, reuke, stof of hitte;

wat vrygestel word uit enige aktiwiteit, met inbegrip van die opberging of behandeling van afval of stowwe, konstruksie en die voorsiening van dienste, hetsy aangegaan deur enige persoon of staatsorgaan, waar daardie verandering 'n nadelige invloed het op menslike gesondheid of welsyn of op die samestelling, herstelkrag en produktiwiteit van natuurlike of beheerde ekosisteme, of op materiale wat nuttig is vir mense, of wat so 'n uitwerking in die toekoms sal hê;

"beste praktiese omgewingsopsie" die opsie wat die meeste voordeel voorsien of wat die minste nadeel veroorsaak vir die omgewing as 'n geheel, teen 'n koste wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is, op die kort sowel as die lang termyn;

"bevoegde owerheid", ten opsigte van 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit, die staatsorgaan waaraan by hierdie Wet die taak opgedra is om die omgewingsinvloed van daardie aktiwiteit te evalueer en, waar toepaslik, 'n omgewingsmagtiging ten opsigte van daardie aktiwiteit toe te staan of af te keur;

[Omskrywing van "bevoegde owerheid" ingevoeg by a. 1 (c) van Wet 8 van 2004.]

"Departement" die Departement van Omgewingsake en Toerisme;

"Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal van Omgewingsake en Toerisme;

"ekosisteem" 'n dinamiese stelsel van plant, dier en gemeenskappe van mikro-organisme en hul nie-lewende omgewing wat as 'n funksionele eenheid op mekaar reageer;

"evaluering", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die proses om die relatiewe belangrikheid of beduidendheid van inligting, in die lig van mense se waardes, voorkeure en oordele, vas te stel ten einde 'n besluit te neem;

[Omskrywing van "evaluering" ingevoeg by a. 1 (d) van Wet 8 van 2004.]

"finansiële jaar" die tydperk wat 'n aanvang neem op 1 April van enige jaar en wat eindig op 31 Maart van die daaropvolgende jaar;

"Forum" die Nasionale Omgewingsadviesforum bedoel in artikel 3;

"gelyste aktiwiteit", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, 'n aktiwiteit ingevolge artikel 24 (2) (a) en (d) geïdentifiseer;

[Omskrywing van "gelyste aktiwiteit" ingevoeg by a. 1 (e) van Wet 8 van 2004.]

"gelyste gebied", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, 'n geografiese gebied ingevolge artikel 24 (2) (b) en (c) geïdentifiseer;

[Omskrywing van "gelyste gebied" ingevoeg by a. 1 (e) van Wet 8 van 2004.]

"gemeenskap" 'n groep persone of 'n deel van so 'n groep wat gemeenskaplike belange deel, en wat hulself as 'n gemeenskap beskou;

"gespesifiseerde aktiwiteit", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, 'n aktiwiteit soos gespesifiseer in 'n gelyste geografiese gebied ingevolge artikel 24 (2) (b) en (c);

[Omskrywing van "gespesifiseerde aktiwiteit" ingevoeg by a. 1 (f) van Wet 8 van 2004.]

"gevaar" 'n bron van of blootstelling aan gevaar;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

"hersiening", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die proses van vasstelling of 'n bepaling korrek uitgevoer is en of die voortspruitende inligting voldoende is om 'n besluit te kan neem;

[Omskrywing van "hersiening" ingevoeg by a. 1 (g) van Wet 8 van 2004.]

"hierdie Wet" ook die bylae, regulasies en enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig is;

"internasionale omgewingsdokument" enige internasionale ooreenkoms, verklaring, resolusie, konvensie of protokol wat verband hou met die bestuur van die omgewing;

"Komitee" die Komitee vir Omgewingskoördinasie soos bedoel in artikel 7;

"LUR" die Lid van die Uitvoerende Raad aan wie die Premier die verantwoordelikheid vir omgewingsake toegewys het;

[Omskrywing van "LUR" vervang by a. 1 (h) van Wet 8 van 2004.]

"Minister" die Minister van Omgewingsake en Toerisme;

"nasionale departement" 'n Staatsdepartement binne die nasionale regeringsfeer;

"omgewing" die omgewing waarbinne mense bestaan en wat saamgestel is uit-

(i) die grond, water en atmosfeer van die aarde;

(ii) mikro-organismes, plante en dierelewe;

(iii) enige deel of kombinasie van (i) en (ii) en die verwantskappe onder en tussen hulle; en

(iv) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van die voorgaande wat menslike gesondheid en welsyn beïnvloed;

"omgewingsbestuursplan" 'n plan bedoel in artikel 11;

"omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkoms" 'n ooreenkoms bedoel in artikel 35 (1);

"omgewingsimplementeringsplan" 'n plan bedoel in artikel 11;

"omgewingsinvloedbepalingspraktisyn", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die individu verantwoordelik vir die beplanning, bestuur en koördinering van omgewingsinvloedbepalings, strategiese omgewingsbepalings, omgewingsbestuursplanne of enige ander toepaslike omgewingsinstrumente wat deur regulasies ingevoer word;

[Omskrywing van "omgewingsinvloedbepalingspraktisyn" ingevoeg by a. 1 (i) van Wet 8 van 2004.]

"omgewingsmagtiging", wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die magtiging van 'n gelyste aktiwiteit deur 'n bevoegde owerheid ingevolge hierdie Wet;

[Omskrywing van "omgewingsmagtiging" ingevoeg by a. 1 (i) van Wet 8 van 2004.]

"persoon" ook 'n regspersoon;

"provinsiale departementshoof", die hoof van die provinsiale departement wat vir omgewingsaangeleenthede verantwoordelik is;

"regulasie" 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig;

"spesifieke omgewingsbestuurswet" 'n Wet van die Parlement wat 'n spesifieke aspek reguleer van die omgewing, soos omskryf in hierdie Wet, en ook enige regulasies of ander ondergeskikte wetgewing uitgevaardig ingevolge sodanige Wet;

[Omskrywing van "spesifieke omgewingsbestuurswet" ingevoeg by a. 1 (j) van Wet 8 van 2004.]

"staatsgrond" die grond wat by die nasionale of 'n provinsiale regering berus, en ook grond onder die hoogwatermerk en die Admiraliteitsreserwe, maar nie ook grond wat aan 'n plaaslike owerheid behoort nie;

"staatsorgaan" 'n staatsorgaan soos in die Grondwet omskryf;

"vertroulike handelsinligting", enige handelsinligting waarvan die openbaarmaking die handelsbelange van die houer in 'n onredelike mate sal benadeel: Met dien verstande dat besonderhede oor bestralingsvlakke en afvalprodukte, ondanks enige bepaling van hierdie Wet en 'n ander wet, nie uitgelê word om handelsvertroulik te wees nie;

"volhoubare ontwikkeling" die integrasie van maatskaplike, ekonomiese en omgewingsfaktore in die beplanning, implementering en besluitneming ten einde te verseker dat ontwikkeling huidige en toekomstige geslagte dien;

"voorskryf" by regulasie in die Staatskoerant voorskryf.

(2) Woorde wat ontleen is aan die omskrewe woord, het 'n ooreenstemmende betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk.

(3) 'n Redelike uitleg van 'n bepaling wat bestaanbaar is met die bedoeling van hierdie Wet, geniet voorrang bo 'n alternatiewe uitleg wat nie met die doel van hierdie Wet bestaanbaar is nie.

(4) Nóg-

(a) 'n verwysing na 'n plig om met bepaalde persone of owerhede oorleg te pleeg; nóg

(b) die afwesigheid van enige verwysing in hierdie Wet na 'n plig om oorleg te pleeg of aangehoor te word,

stel die beampte of owerheid wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig verrig, vry van die verpligting om regverdig op te tree.

HOOFSTUK 1
NASIONALE OMGEWINGSBESTUURSBEGINSELS (aa 3-6)

[w107j1998a2]2 Beginsels

(1) Die beginsels in hierdie artikel uiteengesit, geld regdeur die Republiek ten opsigte van die handelinge van alle staatsorgane wat die omgewing betekenisvol kan raak en-

(a) is van toepassing naas alle ander gepaste en tersaaklike oorwegings met inbegrip van die Staat se verantwoordelikheid om die maatskaplike en ekonomiese regte in Hoofstuk 2 van die Grondwet te respekteer, te beskerm, te bevorder en te vervul, en in die besonder die basiese behoeftes van kategorieë persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is;

(b) dien as die algemene raamwerk waarbinne omgewingsbestuurs- en -implementeringsplanne geformuleer moet word;

(c) dien as riglyne met verwysing waarna enige staatsorgaan 'n werksaamheid moet verrig wanneer 'n besluit ingevolge hierdie Wet of enige statutêre bepaling betreffende die beskerming van die omgewing geneem word;

(d) dien as beginsels met verwysing waarna 'n versoener wat kragtens hierdie Wet aangestel is, aanbevelings moet doen; en

(e) rig die uitleg, administrasie en implementering van hierdie Wet en enige ander wet wat by die beskerming of bestuur van die omgewing betrokke is.

(2) Omgewingsbestuur moet mense en hul behoeftes vooropstel, en hul fisiese, sielkundige, ontwikkelings-, kulturele en maatskaplike belange billik dien.

(3) Ontwikkeling moet maatskaplik, omgewingskundig en ekonomies volhoubaar wees.

(4) (a) Volhoubare ontwikkeling vereis die oorweging van alle tersaaklike faktore met inbegrip van die volgende:

(i) dat die versteuring van ekosisteme en die verlies van biologiese verskeidenheid vermy word, of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou of reggestel word;

(ii) dat besoedeling en agteruitgang van die omgewing vermy word, of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou en reggestel word;

(iii) dat die versteuring van landskappe en terreine wat die nasie se kulturele erfenis daarstel vermy word, of waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit so klein moontlik gehou en reggestel word.

(iv) dat afval vermy word, of, waar dit nie geheel en al vermy kan word nie, dit, waar moontlik, so klein moontlik gehou word en waar moontlike hergebruik of herwin word en andersins op 'n verantwoordelike wyse verwyder word;

(v) dat die gebruik en ontginning van die nie-herwinbare natuurlike hulpbronne verantwoordelik en billik geskied, en die gevolge van die uitputting van die hulpbron in ag geneem word;

(vi) dat die ontwikkeling, gebruik en ontginning van herwinbare hulpbronne en die ekosisteme waarvan hulle deel is, nie bo die vlak styg waardeur hul integriteit in gevaar gestel word nie;

(vii) dat 'n risiko-negatiewe en versigtigheidsbenadering gevolg word, wat die perke van huidige kennis rakende die gevolge van besluite en optredes in ag neem; en

(viii) dat negatiewe inwerkings op die omgewing en op mense se omgewingsregte geantisipeer en verhoed word, en waar dit nie geheel en al verhoed kan word nie, dit so klein moontlik gehou of reggestel word.

(b) Omgewingsbestuur moet geïntegreerd wees, erkentlik daaraan dat alle elemente van die omgewing verbind en onderling verbind is, en dit moet die uitwerking van besluite op alle aspekte van die omgewing en alle mense in die omgewing in aanmerking neem, deur die beste uitvoerbare omgewingsopsie na te streef.

(c) Omgewingsgeregtigheid moet nagestreef word sodat nadelige omgewingsinwerkings nie versprei word op so 'n wyse dat dit onbillik teen enige persoon diskrimineer nie, veral nie teenoor kwesbare en benadeelde persone nie.

(d) Billike toegang tot omgewingshulpbronne, -voordele en -dienste, om aan basiese menslike behoeftes te voldoen en om menslike welsyn te verseker, moet nagestreef word en spesiale stappe kan gedoen word om toegang daartoe deur kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, te verseker.

(e) Verantwoordelikheid vir die omgewingsgesondheids- en -veiligheidsgevolge van 'n beleid, program, projek, produk, proses, diens of aktiwiteit bestaan regdeur sy lewensiklus.

(f) Die deelname van alle belanghebbende en geaffekteerde partye in omgewingsbestuur moet bevorder word, en alle mense moet die geleentheid hê om die begrip, vaardighede en vermoë wat nodig is vir die bereiking van billike en effektiewe deelname, te ontwikkel, en deelname deur kwesbare en benadeelde persone moet verseker word.

(g) Besluite moet die belange, behoeftes en waardes van alle belanghebbende en geaffekteerde partye in ag neem, en ook die erkenning van alle vorme van kennis, met inbegrip van tradisionele en gewone kennis.

(h) Die welsyn en bemagtiging van die gemeenskap moet bevorder word deur gemeenskapsonderrig, die bevordering van omgewingsbewustheid, die deel van kennis en ondervinding en ander gepaste wyses.

(i) Die sosiale, ekonomiese en omgewingsinwerkings van werksaamhede, met inbegrip van nadele en voordele, moet oorweeg, vasgestel en geëvalueer word en besluite moet gepas wees in die lig van sodanige oorweging en vasstelling.

(j) Die reg van werkers om te weier om werk te doen wat skadelik vir menslike gesondheid of die omgewing is, en om ingelig te word oor die gevare, moet gerespekteer word.

(k) Besluite moet op 'n openlike en deursigtige wyse geneem word, en toegang tot inligting moet ooreenkomstig die reg voorsien word.

(l) Daar moet inter-regeringskoördinasie en harmoniëring van beleid, wetgewing en optredes in verband met die omgewing wees.

(m) Werklike of potensiële botsing van belange tussen staatsorgane moet deur konflikbeslegtingsprosedures opgelos word.

(n) Wêreld- en internasionale verantwoordelikhede wat met die omgewing verband hou, moet in die nasionale belang uitgeoefen word.

(o) Die omgewing word in openbare trust vir die nasie gehou, die voordelige gebruik van omgewingshulpbronne moet die openbare belang dien en die omgewing moet as die mensdom se gemeenskaplike erfenis beskerm word.

(p) Die uitgawes vir die regstelling van besoedeling, omgewingsagteruitgang en gevolglike nadele vir gesondheid en van die voorkoming, beheer of vermindering van verdere besoedeling, omgewingskade of nadelige gesondheidsgevolge moet betaal word deur diegene wat vir die benadeling van die omgewing verantwoordelik is.

(q) Die lewensbelangrike rol van vrouens en die jeug in omgewingsbestuur en ontwikkeling moet erken en hul volle deelname daarin moet bevorder word.

(r) Sensitiewe, kwesbare, hoogs dinamiese ekosisteme of ekosisteme onder druk, soos kusstrande, riviermondinge, vleilande en soortgelyke stelsels verg spesiale aandag in bestuur- en beplanningsprosedures, veral waar die stelsels onderworpe is aan beduidende menslike hulpbrongebruik en ontwikkelingsdruk.

HOOFSTUK 2
INSTELLINGS (aa 3-10)

Deel 1
Nasionale Omgewingsadviesforum (aa 3-6)

[w107j1998a3]3 Instelling, oogmerke en werksaamhede van Nasionale Omgewingsadviesforum

(1) Die Nasionale Omgewingsadviesforum word hierby ingestel.

(2) Die oogmerk van die Forum is om-

(a) die Minister in te lig omtrent die standpunte van belanghebbendes betreffende toepassing van die beginsels in artikel 2 uiteengesit; en

(b) die Minister te adviseer oor-

(i) enige aangeleentheid rakende omgewingsbestuur en -beheer en in besonder die stel en bereiking van doelwitte en prioriteite vir omgewingsbeheer; en

(ii) gepaste metodes om nakoming van die beginsels in artikel 2 uiteengesit te kontroleer.

(3) Die Forum kan, op eie inisiatief en na oorlegpleging met die Direkteur-generaal, die Minister se aandag vestig op enige aangeleentheid betreffende

omgewingsbestuur wat aandag verg en die Minister kan aangeleenthede vir oorweging deur die Forum, verwys.

[w107j1998a4]4 Samestelling

(1) Die Forum bestaan uit minstens 12, maar nie meer as 15 lede nie, wat deur die Minister aangestel word.

(2) Die Minister stel persone aan wat belanghebbende partye verteenwoordig, en vrouens, jeugdiges en persone wat ondervinding, kundigheid of vaardigheid het wat nodig is om die Forum in staat te stel om sy werksaamhede te verrig: Met dien verstande dat die Minister in aanmerking moet neem dat die wenslikheid om persone aan te stel wat deur onbillike diskriminasie benadeel is en dat verteenwoordiging van kwesbare en benadeelde persone verseker moet word.

(3) Alvorens persone beoog in subartikel (2) aangestel word, moet die Minister-

(a) nominasies uitnooi van die georganiseerde arbeid, georganiseerde besigheid, nie-regeringsorganisasies en gemeenskapsgebaseerde organisasies op 'n wyse wat hy of sy gepas ag, en kan by kennisgewing in die Staatskoerant nominasies van ander persone uitnooi asook deur kennisgewing in ten minste twee nasionaal verspreide koerante en in gepaste plaaslike koerante en oor die radio, waarin 'n tydperk waarbinne sodanige nominasies ingedien moet word, gespesifiseer word;

(b) in sodanige kennisgewing, die prosedure voorskryf wat met betrekking tot sodanige nominasies aangeneem moet word; en

(c) met-

(i) die LUR'e; en

(ii) die Komitees van die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies wat omgewingsake bestudeer, oorleg pleeg.

(4) Die Minister stel die voorsitter van die Forum aan.

(5) (a) Elke lid van die Forum moet met die instemming van die Minister en die organisasie of persoon wat hom of haar genomineer het 'n plaasvervanger aanwys wat sy of haar plek inneem indien hy of sy nie in staat is om 'n vergadering van die Forum by te woon nie.

(b) Die Minister kan 'n plaasvervanger aanstel vir 'n lid wat sy of haar amp ingevolge artikel 5 (3) ontruim en die Minister kan nominasies van die sektor of organisasie wat sodanige lid genomineer het, uitnooi.

(6) Die plaasvervanger doen diens vir die oorblywende dienstydperk van die persoon wat hy of sy vervang.

[w107j1998a5]5 Voorwaardes van aanstelling in Forum

(1) 'n Lid van die Forum beklee sy of haar amp vir 'n tydperk van twee jaar.

(2) By die verstryking van sy of haar ampstermyn kan 'n lid vir een verdere termyn aangestel word.

(3) 'n Lid of plaasvervangende lid van die Forum ontruim sy of haar amp indien-

(a) die Minister te eniger tyd sodanige ampstermyn om goeie rede beëindig;

(b) hy of sy nie meer sy of haar pligte in die Forum kan verrig nie;

(c) hy of sy aan 'n misdryf skuldig bevind word waarby oneerlikheid betrokke is, en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word;

(d) hy of sy sonder verlof van die voorsitter vir meer as twee agtereenvolgende vergaderings van die Forum afwesig is; of

(e) hy of sy by wyse van skriftelike kennisgewing aan die Minister as lid bedank.

(4) Daar kan aan lede van die Forum, en lede van 'n komitee van die Forum, sodanige besoldiging en toelaes vir hulle diens betaal word, wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal.

(5) Indien enige lid van die Forum of sy of haar gade 'n direkte of indirekte finansiële belang by enige aangeleentheid voor die Forum het, moet hy of sy sodanige belang bekend maak en mag hy of sy nie aan enige bespreking betreffende sodanige aangeleentheid deelneem nie.

[w107j1998a6]6 Werking van Forum

(1) Die Minister moet-

(a) reëls neerlê vir die werking van die Forum, met inbegrip van-

(i) die instelling van 'n grondwet vir die Forum, by publikasie in die Staatskoerant, wat bepalings kan bevat met betrekking tot-

(aa) advies oor aangeleenthede wat met Hoofstuk 6 in verband staan;

(bb) deelname in vergaderings wat met internasionale omgewingsaangeleenthede in verband staan;

(cc) subkomitees en werkgroepe van die Forum.

(ii) die wyse en tydstip van verslae deur die Forum; en

(iii) oorlegpleging met die Direkteur-generaal;

(b) met die instemming van die Minister van Finansies, fondse beskikbaar stel vir die werking van die Forum vir ander doeleindes as die betaling van besoldiging bedoel in artikel 5 (4), vanuit-

(i) geld deur die Parlement vir dié doel bewillig; en

(ii) fondse van donasies en skenkings verkry.

(2) Die Direkteur-generaal kan-

(a) soveel beamptes en werknemers aanwys as wat hy of sy nodig ag om die Forum in die verrigting van sy werk by te staan; en

(b) persone op kontrak in diens neem ten einde die Forum in die verrigting van sy werk by te staan.

(3) Die Minister lê 'n jaarverslag aan die Parlement voor oor die werk van die Forum, met inbegrip van-

(a) die werksplan vir die volgende jaar;

(b) inligting en aanbevelings voorgelê; en

(c) 'n finansiële verslag en begroting.

(4) Die vergaderings van die Forum moet oop wees vir die publiek en alle dokumente deur die Forum oorweeg of voortgebring moet beskikbaar wees vir insae deur die publiek.

Deel 2
Komitee vir Omgewingskoördinasie (aa 7-10)

[w107j1998a7]7 Instelling, oogmerke en werksaamhede van Komitee

(1) Die Komitee vir Omgewingskoördinasie word hierby ingestel.

(2) Die oogmerk van die Komitee is om die inskakeling en koördinasie van omgewingswerksaamhede deur die ter sake staatsorgane te bevorder, en in die besonder om die bereiking van die doel en oogmerke van omgewingsimplementeringsplanne en omgewingsbestuursplanne, soos in artikel 12 uiteengesit, te bevorder.

(3) Die werksaamhede van die Komitee sluit die volgende in-

(a) noukeurige ondersoek van, verslagdoening en die doen van aanbevelings oor die omgewingsimplementeringsplanne wat ooreenkomstig artikel 15 aan die Komitee voorgelê is;

(b) die ondersoek en doen van aanbevelings betreffende die opdra en delegering van werksaamhede tussen staatsorgane kragtens hierdie Wet of enige ander wet wat die omgewing raak en betreffende die praktiese bedryfsplanne, met inbegrip van aktes van verstandhouding tussen die staatsorgane wat deur lede verteenwoordig word en ander staatsorgane;

(c) die ondersoek en aanbeveling van die instelling van meganismes in elke provinsie, met die instemming van die LUR, vir die voorsiening van 'n enkele plek in die provinsie vir die ontvangs van aansoeke vir magtigings, lisensies en soortgelyke toestemmings wat vereis word vir aktiwiteite kragtens regsbepalings wat betrekking het op die beskerming van die omgewing waar sodanige magtigings, lisensies of toestemmings van meer as een staatsorgaan vereis word en prosedures vir die gekoördineerde oorweging van sodanige aansoeke deur die betrokke staatsorgane;

(d) die doen van aanbevelings om die toepassing van geïntegreerde omgewingsbestuur in Hoofstuk 5 bedoel, te koördineer met inbegrip van samewerking in omgewingsevalueringsprosedures en omgewingsevalueringsvereistes, en die doen van vasstellings betreffende die voorkoming van duplisering van pogings soos bedoel in artikel 24 (4);

(e) die doen van aanbevelings wat daarop gemik is om nakoming te verseker van die beginsels in artikel 2 uiteengesit, en nasionale norme en standaarde beoog in artikel 146 (2) (b) (i) van die Grondwet;

(f) die doen van aanbevelings betreffende die harmoniëring van die omgewingswerksaamhede van alle tersaaklike nasionale departemente en regeringsfere;

(g) advies aan die Minister oor die voorsiening van riglyne vir die voorbereiding van omgewingsbestuursplanne en omgewingsimplementeringsplanne; en

(h) om te poog om nakoming van die beginsel in artikel 2 (2) uiteengesit te verseker deur gepaste aanbevelings te maak waarby verslae van sy lede aangevra word en waarby die regering oor regshervorming ingelig word.

[w107j1998a8]8 Samestelling van Komitee

(1) Die Komitee bestaan uit-

(a) die Direkteur-generaal: Omgewingsake en Toerisme, wat as voorsitter optree;

(b) die Direkteur-generaal: Waterwese en Bosbou;

(c) die Direkteur-generaal: Minerale en Energie;

(d) die Direkteur-generaal: Grondsake;

(e) die Direkteur-generaal: Staatkundige Ontwikkeling;

(f) die Direkteur-generaal: Behuising;

(g) die Direkteur-generaal: Landbou;

(h) die Direkteur-generaal: Gesondheid;

(i) die Direkteur-generaal: Arbeid;

(j) die Direkteur-generaal: Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie;

(k) die provinsiale departementshoofde wat deur die Minister, met die instemming van die LUR, aangestel is;

(l) 'n Verteenwoordiger van die nasionale organisasie erken ingevolge artikel 2 van die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997 (Wet 52 van 1997), deur die Minister aangestel met die instemming van daardie organisasie; en

(m) enige ander Direkteur-generaal wat deur die Minister, met die instemming van die Minister binne wie se portefeulje daardie Departement val, aangestel is.

(2) (a) Die Komitee kan persone koöpteer om hom in die verrigting van sy werk- saamhede by te staan.

(b) Die Komitee kan persone uitnooi om sy vergaderings by te woon en om hom in die verrigting van sy werksaamhede by te staan.

(3) By die aanstellings beoog in subartikel (2) (a), gee die Komitee behoorlike oorweging aan verteenwoordiging deur die plaaslike regeringsfeer.

(4) Elke lid van die Komitee bedoel in subartikel (1), stel 'n plaasvervangende lid aan met die nodige magtiging van sy of haar departement of provinsiale regering.

(5) Die plaasvervangende lid kragtens subartikel (4) aangestel, tree op in die afwesigheid van sodanige lid, of wanneer hy of sy nie as lid van die Komitee kan optree nie.

[w107j1998a9]9 Vergadering van Komitee, subkomitees en werkgroepe

(1) Die Komitee vergader ten minste vier keer per jaar.

(2) Die Direkteur-generaal bepaal-

(a) die prosedures vir die byeenroeping van vergaderings van die Komitee;

(b) die kworum vir vergaderings;

(c) prosedures by vergaderings; en

(d) rekords wat die Komitee moet byhou.

(3) Die Direkteur-generaal voorsien die Minister van afskrifte van die notules van alle vergaderings, binne drie weke na sodanige vergaderings.

(4) Die Komitee kan ad hoc- en permanente subkomitees instel om die Komitee in die verrigting van sy werksaamhede by te staan, en sodanige subkomitees kan persone insluit wat nie noodwendig lede van die Komitee hoef te wees nie.

(5) Die Komitee kan ad hoc-werkgroepe instel om 'n subkomitee in die verrigting van sy werksaamhede by te staan, en sodanige werkgroepe kan persone insluit wat nie noodwendig lede van die subkomitee hoef te wees nie.

(6) Elke subkomitee ingestel ingevolge subartikel (4) moet by elke vergadering van die Komitee verslag doen oor sy eie werksaamhede asook oor dié van enige werk- groep ingevolge subartikel (5) ingestel om die subkomitee by te staan.

[w107j1998a10]10 Verslag van Komitee

(1) Die Komitee lê 'n jaarverslag van sy werksaamhede aan die Minister voor, ten opsigte van die volgende:

(a) die werk van die Komitee en die werkplan vir die volgende jaar;

(b) kommentaar wat aan die Direkteur-generaal voorgelê is oor omgewings- implementerings- en -bestuursplanne wat ontvang is;

(c) aanbevelings wat gedoen is met betrekking tot omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne wat ontvang is;

(d) aanbevelings wat gedoen is ten einde die nakoming van die beginsels uiteengesit in artikel 2 en die nasionale norme en standaarde te verseker;

(e) regshervorming wat onderneem en aanbeveel is deur staatsorgane wat op die Komitee verteenwoordig is;

(f) nakoming van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne deur munisipaliteite; en

(g) enige ander aangeleentheid wat ter sake is in die koördinering van beleid, planne en programme wat die omgewing mag raak.

(2) Op versoek van lede van die publiek stel die Komitee afskrifte beskikbaar van die verslag bedoel in subartikel (1).

(3) Die Minister moet jaarliks 'n verslag aan die Parlement voorlê oor die werk van die Komitee, met inbegrip van die aangeleenthede in subartikel (1) gelys.

HOOFSTUK 3
PROSEDURES VIR REGERING VAN SAMEWERKING (aa 11-16)

[w107j1998a11]11 Omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne

(1) Elke nasionale departement wat in Bylae 1 gelys is wat werksaamhede verrig wat die omgewing kan raak, en elke provinsie, moet 'n omgewingsimplementeringsplan voorberei binne een jaar na die afkondiging van hierdie Wet en minstens elke vier jaar daarna.

(2) Elke nasionale departement wat in Bylae 2 gelys is wat werksaamhede verrig wat die bestuur van die omgewing raak, moet 'n omgewingsbestuursplan voorberei binne een jaar na die afkondiging van hierdie Wet en minstens elke vier jaar daarna.

(3) Elke nasionale departement wat in beide Bylae 1 en Bylae 2 gelys is, kan 'n gekonsolideerde omgewingsimplementerings- en -bestuursplan voorberei.

(4) Elke staatsorgaan waarna daar in subartikels (1) en (2) verwys word moet, by sy voorbereiding van 'n omgewingsimplementerings- of omgewingsbestuursplan, en voordat sodanige plan voorgelê word, elke ander omgewingsimplementerings- en -bestuursplan wat alreeds aanvaar is, in aanmerking neem, met die oog daarop om konsekwentheid tussen sodanige planne te bereik.

(5) Die Minister kan by kennisgewing in die Staatskoerant-

(a) die datum vir die voorlegging van enige omgewingsimplementerings- of -bestuursplan, vir periodes wat nie 12 maande oorskry nie, verleng;

(b) by aansoek deur enige staatsorgaan, of op sy of haar eie inisiatief, met die toestemming van die betrokke Minister waar dit 'n nasionale departement betref, en na oorlegpleging met die Komitee, Bylaes 1 en 2 wysig.

(6) Die Direkteur-generaal moet, op versoek van 'n nasionale departement of provinsie, met die voorbereiding van 'n omgewingsimplementeringsplan bystand verleen.

(7) Die voorbereiding van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne kan bestaan uit die invordering van inligting of planne wat vir ander doeleindes saamgestel is en kan deel uitmaak van enige ander proses of prosedure.

(8) Die Minister kan riglyne uitreik om provinsies en nasionale departemente by te staan in die voorbereiding van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne.

[w107j1998a12]12 Doel en oogmerke van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne

Die doel van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne is om-

(a) omgewingsbeleidsake, planne, programme en besluite van die onderskeie nasionale departemente wat werksaamhede verrig wat die omgewing mag raak of wat met bevoegdhede en pligte toevertrou is met die oog op die bereiking, bevordering en beskerming van 'n volhoubare omgewing, en van provinsiale en plaaslike regeringsfere, te koördineer en te harmonieer, ten einde-

(i) die duplisering van prosedures en werksaamhede so klein moontlik te hou; en

(ii) konsekwentheid in die verrigting van werksaamhede wat die omgewing mag raak, te bevorder;

(b) gevolg te gee aan die beginsels van regering van samewerking bedoel in Hoofstuk 3 van die Grondwet;

(c) die beskerming van die omgewing deur die land as 'n geheel te verseker;

(d) onredelike optredes deur provinsies met betrekking tot die omgewing wat nadelig vir die ekonomiese of gesondheidsbelange van ander provinsies of die land as 'n geheel is, te voorkom; en

(e) die Minister in staat te stel om die bereiking, bevordering en beskerming van 'n volhoubare omgewing te kontroleer.

[w107j1998a13]13 Inhoud van omgewingsimplementeringsplanne

(1) Elke omgewingsimplementeringsplan bevat-

(a) 'n beskrywing van die beleid, planne en programme wat die omgewing beduidend kan raak;

(b) 'n beskrywing van die wyse waarop die betrokke nasionale departement of provinsie sal verseker dat die beleid, planne en programme bedoel in paragraaf (a) sal voldoen aan die beginsels in artikel 2 uiteengesit sowel as enige nasionale norme en standaarde beoog kragtens artikel 146 (2) (b) (i) van die Grondwet en deur die Minister gestel, of deur enige ander Minister, wat as hulle oogmerk die bereiking, bevordering en beskerming van die omgewing het;

(c) 'n beskrywing van die wyse waarop die betrokke nasionale departement of provinsie sal verseker dat sy werksaamhede verrig word ten einde

nakoming van die toepaslike wetgewende bepalings, met inbegrip van die beginsels in artikel 2 uiteengesit, te verseker, en enige nasionale norme en standaarde beoog kragtens artikel 146 (2) (b) (i) van die Grondwet en deur die Minister gestel, of deur enige ander Minister, wat as hulle oogmerk die bereiking, bevordering en beskerming van die omgewing het; en

(d) aanbevelings ter bevordering van die oogmerke en planne vir die implementering van die prosedures en regulasies bedoel in Hoofstuk 5.

(2) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Komitee, regulasies uitvaardig ten einde aan subartikels (1) (b) en (c) gevolg te gee.

[w107j1998a14]14 Inhoud van omgewingsbestuursplanne

Elke omgewingsbestuursplan bevat-

(a) 'n beskrywing van die werksaamhede wat deur die betrokke departement met betrekking tot die omgewing verrig word;

(b) 'n beskrywing van die omgewingsnorme en -standaarde, met inbegrip van die norme en standaarde beoog in artikel 146 (2) (b) (i) van die Grondwet, wat deur die betrokke departement bepaal of toegepas word;

(c) 'n beskrywing van die beleid, planne en programme van die betrokke departement wat ontwerp is om nakoming van sy beleid deur ander staatsorgane en persone te verseker;

(d) 'n beskrywing van prioriteite rakende nakoming van die betrokke departement se beleid deur ander staatsorgane en persone;

(e) 'n beskrywing van die mate van nakoming van die betrokke departement se beleid deur ander staatsorgane en persone;

(f) 'n beskrywing van ooreenkomste vir samewerking met ander nasionale departemente en regeringsfere, met inbegrip van bestaande of voorgestelde aktes van verstandhouding wat aangegaan is, of delegering of opdrag van bevoegdhede aan ander staatsorgane wat op omgewingsbestuur betrekking het; en

(g) voorstelle ter bevordering van die oogmerke en planne vir die implementering van die prosedure en regulasies bedoel in Hoofstuk 5.

[w107j1998a15]15 Voorlegging, bestudering en aanneming van omgewingsimplementerings- en omgewingsbestuursplanne

(1) Elke omgewingsimplementeringsplan en elke omgewingsbestuursplan word aan die Komitee voorgelê op 'n datum deur die Minister bepaal te word.

(2) (a) Die Komitee bestudeer elke omgewingsimplementeringsplan noukeurig en beveel óf aanvaarding van sodanige plan aan óf doen verslag aan die Minister sowel as aan elke ander Minister wat vir 'n departement verantwoordelik is wat in die

Komitee verteenwoordig is en elke betrokke Provinsiale Premier oor die mate waarin die betrokke omgewingsimplementeringsplan nie daarin slaag nie om te voldoen aan-

(i) die beginsels in artikel 2;

(ii) die doel en oogmerke van die omgewingsimplementeringsplanne; of

(iii) enige tersaaklike omgewingsbestuursplan,

en vermeld enige veranderings wat in die betrokke omgewingsimplementeringsplan nodig is.

(b) Indien die Komitee die aanvaarding van 'n omgewingsimplementeringsplan aanbeveel, moet die betrokke staatsorgaan sy plan aanvaar en in die betrokke Staatskoerant publiseer binne 90 dae na sodanige goedkeuring, en die plan tree in werking vanaf die datum van sodanige publikasie.

(3) Enige geskil of meningsverskil tussen die Komitee en 'n nasionale departement betreffende óf 'n versuim om 'n omgewingsimplementeringsplan voor te lê, óf die inhoud daarvan, kan, indien dit nie by ooreenkoms tussen die betrokke partye opgelos kan word nie, deur die Direkteur-generaal verwys word vir vasstelling deur die Minister in oorlegpleging met die Ministers verantwoordelik vir die Departement van Grondsake, die Departement van Waterwese en Bosbou, die Departement van Minerale en Energie en die Departement van Staatkundige Ontwikkeling.

(4) Enige geskil of meningsverskil tussen die Komitee en 'n provinsie betreffende óf 'n versuim om 'n omgewingsimplementeringsplan voor te lê óf die inhoud daarvan, kan, indien dit nie by ooreenkoms tussen die betrokke partye opgelos kan word nie, deur die Direkteur-generaal vir bemiddeling ooreenkomstig Hoofstuk 4 verwys word, en indien sodanige bemiddeling misluk, of waar die Direkteur-generaal nie die geskil vir bemiddeling verwys nie, word dit na die Minister verwys met die versoek om ooreenkomstig artikel 100 van die Grondwet toe te tree: Met dien verstande dat met sodanige geskille ooreenkomstig die wet beoog in artikel 41(2) van die Grondwet, sodra afgekondig, gehandel word.

(5) 'n Nasionale departement wat 'n omgewingsbestuursplan voorgelê het moet sy plan aanneem en in die Staatskoerant publiseer binne 90 dae na sodanige voorlegging en die plan tree in werking vanaf die datum van sodanige publikasie.

(6) Die verrigting van werksaamhede deur staatsorgane mag nie vertraag of uitgestel word nie as gevolg van-

(a) die versuim van 'n staatsorgaan om 'n omgewingsimplementeringsplan voor te lê;

(b) die bestudering van 'n omgewingsimplementeringsplan deur die Komitee;

(c) die wysiging van enige omgewingsimplementeringsplan na bestudering van die plan deur die Komitee;

(d) enige geskil of meningsverskil ten opsigte van 'n omgewingsimplementeringsplan en die bylê van daardie geskil of meningsverskil; of

(e) die versuim van enige staatsorgaan om sy omgewingsimplementerings- of -bestuursplan aan te neem en te publiseer.

[w107j1998a16]16 Nakoming van omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne

(1) (a) Elke staatsorgaan verrig elke werksaamheid wat hy mag hê, of wat aan hom opgedra of gedelegeer is by of kragtens enige wet, en wat die beskerming van die omgewing betekenisvol kan raak, hoofsaaklik ooreenkomstig die omgewingsimplementeringsplan of die omgewingsbestuursplan wat deur daardie staatsorgaan ooreenkomstig hierdie Hoofstuk voorberei, voorgelê en aanvaar is: Met dien verstande dat enige wesenlike afwyking van 'n omgewingsimplementerings- of 'n -bestuursplan onverwyld aan die Direkteur-generaal en die Komitee gerapporteer word.

(b) Elke staatsorgaan moet jaarliks, binne vier maande na die einde van sy finansiële jaar, aan die Direkteur-generaal en die Komitee verslag doen oor die implementering van sy aanvaarde omgewingsimplementerings- of -bestuursplan.

(c) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Komitee, aan enige staatsorgaan wat nie 'n omgewingsimplementerings- of -bestuursplan voorgelê en aanvaar het nie, aanbeveel om 'n besondere bepaling van 'n aanvaarde omgewingsimplementeringsplan of voorgelegde omgewingsbestuursplan, na te kom.

(2) Die Direkteur-generaal kontroleer die nakoming van omgewingsimplemen- terings- en -bestuursplanne en kan-

(a) enige stappe doen of navrae rig wat hy of sy doenlik ag ten einde vas te stel of omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne deur staatsorgane nagekom word; en

(b) indien hy of sy uit hoofde van stappe wat gedoen is of navrae wat gerig is kragtens paragraaf (a), van oordeel is dat 'n omgewingsimplementerings- en -bestuursplan nie wesenlik nagekom word nie, 'n kennisgewing op die betrokke staatsorgaan beteken en hom versoek om sodanige bepaalde stappe te doen wat die Direkteur-generaal nodig ag om die nie-nakoming reg te stel.

(3) (a) Binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) (b), moet 'n staatsorgaan skriftelik op die kennisgewing reageer, en moet uiteensit-

(i) enige besware teen die kennisgewing;

(ii) enige stappe wat gedoen staan te word om die versuim of nie-nakoming reg te stel; of

(iii) enige ander inligting wat die staatsorgaan meen op die kennisgewing betrekking het.

(b) Nadat die vertoë van die staatsorgaan en enige ander tersaaklike inligting oorweeg is, moet die Direkteur-generaal, binne 30 dae vanaf die ontvangs van 'n reaksie bedoel in paragraaf (a), 'n finale kennisgewing uitreik wat-

(i) die kennisgewing bedoel in subartikel (2) (b) bevestig, wysig of intrek;

(ii) stappe vermeld en 'n tydperk vermeld waarbinne stappe gedoen moet word om die versuim van nie-nakoming reg te stel.

(c) Indien, na die nakoming van die bepalings van paragrawe (a) en (b), daar steeds 'n geskil of meningsverskil tussen die staatsorgaan en die Direkteur-generaal is, kan die staatsorgaan die Minister versoek om die geskil of meningsverskil tussen hom en die Direkteur-generaal rakende nakoming van 'n omgewingsimplementeringsplan, of die stappe wat nodig is om 'n versuim of nie-nakoming reg te stel, vir versoening ooreenkomstig Hoofstuk 4 te verwys.

(d) Waar 'n staatsorgaan nie enige geskil of meningsverskil vir versoening ooreenkomstig paragraaf (c) verwys nie, of indien versoening nie daarin slaag om die saak op te los nie, kan die Direkteur-generaal, binne 60 dae na die finale kennisgewing bedoel in paragraaf (b), indien die saak nie vir versoening verwys is nie, of binne 30 dae vanaf die datum van versoening, na gelang van die geval-

(i) waar die staatsorgaan tot die provinsiale regeringsfeer behoort, die Minister versoek om ooreenkomstig artikel 100 van die Grondwet toe te tree: Met dien verstande dat met sodanige geskil of meningsverskil ooreenkomstig die wet beoog in artikel 41 (2) van die Grondwet, sodra afgekondig, gehandel word;

(ii) waar die staatsorgaan tot die plaaslike regeringsfeer behoort, die LUR versoek om ooreenkomstig artikel 139 van die Grondwet toe te tree: Met dien verstande dat so 'n geskil of meningsverskil mee gehandel moet word ooreenkomstig die Wet beoog in artikel 41 (2) van die Grondwet; of

(iii) waar die staatsorgaan tot die nasionale regeringsfeer behoort, die aangeleentheid vir vasstelling deur die Minister verwys, in oorlegpleging met die Ministers wat verantwoordelik is vir die Departement van Grondsake, Departement van Waterwese en Bosbou, Departement van Minerale en Energie en Departement van Staatkundige Ontwikkeling.

(4) Elke provinsiale regering moet verseker dat-

(a) die betrokke provinsiale omgewingsimplementeringsplan deur elke munisipaliteit binne sy provinsie nagekom word, en vir dié doel is die bepalings van subartikels (2) en (3), met die nodige aanpassings, van toepassing; en

(b) munisipaliteite gevolg gee aan die betrokke omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne, en die beginsels vervat in artikel 2

in die voorbereiding van 'n beleid, program of plan, met inbegrip van die instelling van geïntegreerde ontwikkelingsplanne en grondontwikkelingsoogmerke.

(5) Die Direkteur-generaal hou 'n rekord van al die omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne, tersaaklike ooreenkomste tussen staatsorgane en enige verslae wat kragtens subartikel (1) (b) voorgelê is, en sodanige planne, verslae en ooreenkomste is ter insae vir die publiek beskikbaar.

HOOFSTUK 4
BILLIKE BESLUITNEMING EN KONFLIKBESTUUR (aa 17-22)

[w107j1998a17]17 Verwysing vir versoening

(1) Enige Minister, LUR of Munisipale Raad-

(a) waar 'n geskil of meningsverskil ontstaan betreffende die verrigting van enige van sy werksaamhede wat die omgewing beduidend kan raak; of

(b) voor wie 'n appèl, wat ontstaan uit 'n geskil of meningsverskil betreffende die beskerming van die omgewing, kragtens enige wet gebring word,

kan, alvorens 'n beslissing bereik word, die wenslikheid oorweeg om eers die aangeleentheid vir versoening te verwys en-

(i) moet, indien hy of sy versoening gepas ag, óf-

(aa) die aangeleentheid na die Direkteur-generaal vir versoening kragtens hierdie Wet verwys; of

(bb) 'n versoener aanstel op die voorwaardes, met inbegrip van tydsbeperkings, wat hy of sy mag bepaal; of

(cc) waar vir 'n versoenings- of bemiddelingsproses kragtens enige ander tersaaklike wet wat deur sodanige Minister, LUR of Munisipale Raad geadministreer word, voorsiening gemaak word, die aangeleentheid vir bemiddeling of versoening kragtens sodanige wet verwys; óf

(ii) indien hy of sy versoening nie gepas ag nie, of indien versoening nie geslaag het nie, 'n beslissing maak: Met dien verstande dat die bepalings van artikel 4 van die Wet op Ontwikkelingsfasilitering, 1995 (Wet 67 van 1995), geld met betrekking tot beslissings ingevolge daardie Wet en wette beoog in artikel 1 (c) daarvan.

(2) Enigiemand kan die Minister, 'n LUR of Munisipale Raad versoek om 'n fasiliteerder aan te stel om vergaderings van belanghebbende partye en geaffekteerde partye byeen te roep en te hou met die doel om ooreen te kom om 'n geskil of meningsverskil vir versoening ingevolge hierdie Wet te verwys, en die Minister, LUR of Munisipale Raad kan, behoudens artikel 22, 'n fasiliteerder aanstel en die wyse bepaal waarop die fasiliteerder sy of haar take, met inbegrip van tydsbeperkings, moet uitvoer.

(3) 'n Hof of tribunaal wat 'n dispuut oor die beskerming van die omgewing aanhoor kan die partye beveel om die dispuut aan 'n versoener wat ingevolge hierdie Wet deur die Direkteur-generaal aangestel is, voor te lê, en die verrigtinge opskort hangende die uitslag van die versoening.

[w107j1998a18]18 Versoening

(1) Waar 'n aangeleentheid vir versoening ingevolge hierdie Wet verwys is, kan die Direkteur-generaal, op die voorwaardes, met inbegrip van tydsbeperkings, wat hy of sy mag bepaal, 'n versoener aanwys wat vir die partye aanvaarbaar is ten einde by die oplossing van die geskil of meningsverskil behulpsaam te wees: Met dien verstande dat indien die partye tot die geskil of meningsverskil nie ooreenkoms bereik oor die persoon wat aangestel staan te word nie, die Direkteur-generaal 'n persoon kan aanstel wat gepaste ondervinding het in of kennis het oor die versoening van omgewingsgeskille.

(2) 'n Versoener wat ingevolge hierdie Wet aangestel is, moet poog om die saak op te los-

(a) deur sodanige inligting te bekom, hetsy dokumentêr of mondeling, as wat ter sake is ter oplossing van die geskil of meningsverskil;

(b) deur die geskil of meningsverskil deur bemiddeling te skik;

(c) deur aanbevelings aan die partye ten opsigte van die geskil of meningsverskil te doen; of

(d) op enige ander wyse wat hy of sy geskik ag.

(3) By die verrigting van sy of haar werksaamhede, neem die versoener wat ingevolge hierdie Wet aangestel is, die beginsels in aanmerking in artikel 2 vervat.

(4) Die versoener kan, hetsy skriftelik of deur middel van meganiese of elektroniese wyse, 'n permanente rekord hou of laat hou van die geheel of 'n gedeelte van die verrigtinge wat verband hou met die versoening van 'n aangeleentheid.

(5) Waar sodanige rekord gehou is, kan enige lid van die publiek 'n leesbare afskrif van die rekord bekom by betaling van 'n fooi deur die Tesourie goedgekeur.

(6) Waar versoening nie die saak oplos nie, kan die versoener die partye vra of hulle die saak vir arbitrasie wil verwys en kan in oorleg met hulle poog om die opdrag vir sodanige arbitrasie op te stel.

(7) (a) Die versoener lê 'n verslag aan die Direkteur-generaal, die partye en die persoon wat die saak vir versoening verwys het voor, wat die uitslag van sy of haar versoening uiteensit, en wat aandui of 'n ooreenkoms bereik is al dan nie.

(b) In die geval waar geen ooreenkoms bereik is nie, bevat die verslag sy of haar aanbevelings en redes daarvoor.

(c) Waar ter sake, vervat die verslag die versoener se kommentaar oor die gedrag van die partye.

(d) Enige lid van die publiek kan teen betaling van 'n fooi deur die Tesourie goedgekeur, 'n afskrif van die verslag en enige ooreenkoms wat as gevolg van die versoening bereik is, bekom.

(8) Die Direkteur-generaal kan van tyd tot tyd, met die instemming van die Minister van Finansies, persone of organisasies aanstel wat oor relevante kennis of kundigheid beskik om versoening- en bemiddelingsdienste te voorsien.

[w107j1998a19]19 Arbitrasie

(1) 'n Geskil of meningsverskil rakende die beskerming van die omgewing kan ingevolge die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965) verwys word vir arbitrasie.

(2) Waar 'n geskil of meningsverskil waarna in subartikel (1) verwys word vir arbitrasie verwys word, kan die partye daartoe 'n persoon as arbiter aanstel uit die paneel arbiters wat ingevolge artikel 21 ingestel is.

[w107j1998a20]20 Ondersoek

Die Minister kan te eniger tyd een of meer persone aanstel om of hom of haar of, na oorlegpleging met 'n Munisipale Raad of LUR of 'n ander nasionale Minister, so 'n Munisipale Raad of LUR of 'n ander nasionale Minister, by te staan by die evaluering van 'n aangeleentheid wat betrekking het op die beskerming van die omgewing deur die verkryging van sodanige inligting, hetsy dokumentêr of mondelings, wat ter sake is vir sodanige evaluering en vir dié doel-

(a) kan die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant sodanige persoon of persone die bevoegdhede verleen van 'n Kommissie van Ondersoek kragtens die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947);

(b) kan die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant reëls uitvaardig vir die hou van die ondersoek: Met dien verstande dat die beslissing van die ondersoek en die redes daarvoor op skrif gestel moet word;

(c) moet die Direkteur-generaal, behoudens die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soveel beamptes en werknemers van die Departement aanwys as wat nodig is om sodanige persoon by te staan en enige werk kan verrig word deur 'n persoon anders as sodanige beampte of werknemer teen vergoeding en toelaes wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal.

[w107j1998a21]21 Aanstelling van paneel en vergoeding

(1) Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Finansies, vergoeding en toelaes bepaal, of in die algemeen of in 'n besondere geval, wat aan enige persoon of persone wat ingevolge hierdie Wet aangestel is om fasiliterings-,

versoenings-, arbitrasie- of ondersoekdienste te verleen, en wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, betaal word uit geld wat vir die doel deur die Parlement bewillig word.

(2) Die Minister kan 'n paneel of panele van persone instel waaruit die aanstelling van fasiliteerders en arbiters ingevolge hierdie Wet gedoen word, of kontrakte ingevolge hierdie Wet aangegaan word.

(3) Die Minister kan, hangende die aanstelling van 'n paneel of panele ingevolge subartikel (2), die paneel wat ingevolge artikel 31 (1) van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 1996 (Wet 3 van 1996), ingestel is, aanvaar.

[w107j1998a22]22 Tersaaklike oorwegings, verslag en aangewysde beampte

(1) Besluite kragtens hierdie Wet betreffende die verwysing van 'n geskil of meningsverskil vir versoening, die aanstelling van 'n versoener, die aanstelling van 'n fasiliteerder, die aanstelling van persone om ondersoeke te voer, en die voorwaardes van sodanige aanstelling, word gedoen met inagneming van-

(a) die wenslikheid om geskille en meningsverskille spoedig en goedkoop op te los;

(b) die wenslikheid om aan behoeftige persone toegang te gee tot konflikbeslegtingsmaatreëls in die belang van die beskerming van die omgewing;

(c) die wenslikheid om die gehalte van besluitneming te verbeter deur die geleentheid aan belanghebbende en geaffekteerde persone te bied om tersaaklike inligting tot die besluitnemingsproses by te dra;

(d) enige vertoë wat gemaak word deur persone wat 'n belang by die saak het; en

(e) sodanige ander oorwegings wat verband hou met die openbare belang wat ter sake mag wees.

(2) (a) Die Direkteur-generaal moet rekord hou van en 'n jaarlikse verslag opstel oor omgewingskonflikbestuur vir voorlegging aan die Komitee en die Forum, vir die doeleindes daarvan om nakoming- en konflikbestuursmaatreëls vir omgewingswette te beoordeel.

(b) Die rekord en verslag in paragraaf (a) genoem kan die volgende insluit:

(i) Verrigtinge kragtens hierdie Hoofstuk, met inbegrip van verslae van versoeners en ooreenkomste wat bereik is;

(ii) verrigtinge kragtens Hoofstuk 7, met inbegrip van klagtes, aanklagte en vonnisse;

(iii) verrigtinge kragtens ander wette in Bylae 3 gelys;

(iv) verrigtinge deur die Menseregtekommissie en die Openbare Beskermer.

(c) Die Direkteur-generaal moet 'n beampte aanwys om inligting aan die publiek te verskaf oor gepaste dispuutbeslegtingsmeganismes vir verwysing van dispute en klagtes.

(d) Die verslae, rekords en ooreenkomste in hierdie subartikel genoem, moet beskikbaar wees vir insae deur die publiek.

HOOFSTUK 5
GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSBESTUUR (aa 23-24)

[w107j1998a23]23 Algemene doelstellings

(1) Die doel van hierdie Hoofstuk is om die toepassing van geskikte omgewingsbestuurhulpmiddels te bevorder ten einde geïntegreerde omgewingsbestuur te verseker.

(2) Die algemene doel van geïntegreerde omgewingsbestuur is-

(a) om die inskakeling van die beginsels van omgewingsbestuur in artikel 2 uiteengesit, te bevorder by die neem van alle beslissings wat 'n beduidende uitwerking op die omgewing kan hê;

(b) om die werklike en potensiële inwerking op die omgewing, sosio-ekonomiese toestande en kultuurerfenis, die risiko's en gevolge en alternatiewe opsies vir die verligting van aktiwiteite te identifiseer, te voorspel en te evalueer, met die doel om negatiewe inwerkings so min moontlik te hou, voordele so groot moontlik te hou, en die nakoming van die beginsels van omgewingsbestuur in artikel 2 uiteengesit te bevorder;

(c) om te verseker dat die gevolge van aktiwiteite op die omgewing voldoende oorweging geniet voordat stappe in verband daarmee gedoen word;

(d) om voldoende en gepaste geleentheid vir openbare deelname in beslissings wat die omgewing mag raak, te verseker;

(e) om die oorweging van omgewingseienskappe in bestuur en besluitneming, wat die omgewing beduidend kan raak, te verseker; en

(f) om die mees geskikte metodes van omgewingsbestuur te verseker en in werking te stel ten einde te verseker dat 'n besondere aktiwiteit nagevolg word ooreenkomstig die beginsels van omgewingsbestuur in artikel 2 uiteengesit.

(3) Die Direkteur-generaal koördineer die aktiwiteite van staatsorgane waarna in artikel 24 (1) verwys word en verleen aan hulle hulp ten einde gevolg te gee aan die oogmerke van hierdie artikel, en sodanige hulp kan insluit opleiding, die publisering van handleidings en riglyne en die koördinering van prosedures.

[w107j1998a24]24 Omgewingsmagtigings

(1) Ten einde uitvoering te gee aan die algemene oogmerke van geïntegreerde omgewingsbestuur neergelê in hierdie Hoofstuk, moet gelyste aktiwiteite se potensiële invloed op die omgewing oorweeg, ondersoek en bepaal word en daaroor verslag gedoen word aan die bevoegde owerheid waaraan deur hierdie Wet die taak opgedra is om die tersaaklike omgewingsmagtiging te verleen.

(2) Die Minister, en elke LUR met die instemming van die Minister, kan-

(a) aktiwiteite identifiseer wat nie 'n aanvang mag neem sonder omgewingsmagtiging van die bevoegde owerheid nie;

(b) geografiese gebiede identifiseer, gegrond op omgewingseienskappe, waarin gespesifiseerde aktiwiteite nie 'n aanvang mag neem sonder omgewingsmagtiging van die bevoegde owerheid nie;

(c) geografiese gebiede identifiseer, gegrond op omgewingseienskappe, waarin gespesifiseerde aktiwiteite van magtiging deur die bevoegde owerheid uitgesluit kan word;

(d) individuele of generiese bestaande aktiwiteite identifiseer wat 'n nadelige uitwerking op die omgewing kan hê en ten opsigte waarvan 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging by die bevoegde owerheid gedoen moet word:

Met dien verstande dat, waar 'n aktiwiteit onder die jurisdiksie van 'n ander Minister of LUR val, 'n besluit ten opsigte van paragrawe (a) tot (d) geneem moet word na oorleg met sodanige ander Minister of LUR.

(3) Die Minister, en elke LUR met die instemming van die Minister, kan inligting en kaarte opstel wat die eienskappe spesifiseer van die omgewing in bepaalde geografiese gebiede, met inbegrip van die sensitiwiteit, omvang, tussenverwantskap en beduidendheid van sodanige eienskappe wat deur elke bevoegde owerheid in ag geneem moet word.

(4) Prosedures vir die ondersoek, bepaling en kommunikering van die potensiële invloed van aktiwiteite moet die volgende as 'n minimum ten opsigte van elke aansoek om 'n omgewingsmagtiging verseker:

(a) Ondersoek van die omgewing wat waarskynlik beduidend geraak sal word deur die voorgestelde aktiwiteit en alternatiewe daarvoor;

(b) ondersoek van die potensiële invloed van die aktiwiteit en sy alternatiewe op die omgewing, en bepaling van die beduidendheid van daardie potensiële invloed;

(c) ondersoek van versagtende maatreëls om nadelige invloede tot 'n minimum te beperk, asook die opsie om nie die aktiwiteit te implementeer nie;

(d) openbare inligting en deelname wat alle belanghebbende en geaffekteerde partye, met inbegrip van alle staatsorgane in alle regeringsfere wat jurisdiksie het oor enige aspek van die aktiwiteit, voorsien van 'n redelike geleentheid om deel te neem aan sodanige inligtings- en deelnameprosedure;

(e) verslagdoening oor gapings in kennis, die toereikendheid van voorspellende metodes en onderliggende aannames, en onsekerhede teëgekom by die saamstel van die vereiste inligting;

(f) ondersoek en formulering van reëlings vir die monitering en bestuur van invloede, en die bepaling van die doeltreffendheid van sodanige reëlings na die implementering daarvan;

(g) koördinering en samewerking tussen staatsorgane by die oorweging van bepalings waar 'n aktiwiteit onder die jurisdiksie van meer as een staatsorgaan val;

(h) dat die bevindings en aanbevelings wat spruit uit sodanige ondersoek, die algemene oogmerke van geïntegreerde omgewingsbestuur in hierdie Wet neergelê en die beginsels van omgewingsbestuur in artikel 2 uiteengesit, in ag geneem word by enige besluit deur 'n staatsorgaan geneem met betrekking tot die voorgestelde beleid, program, plan of projek; en

(i) dat omgewingseienskappe geïdentifiseer by die saamstel van inligting en kaarte, soos beoog in subartikel (3), oorweeg word.

(5) Die Minister, en elke LUR met die instemming van die Minister, kan regulasies uitvaardig wat bestaanbaar is met subartikel (4) en wat-

(a) die prosedure neerlê wat gevolg moet word by die aansoekdoen om, die uitreiking van en die monitering van voldoening aan omgewingsmagtigings;

(b) die prosedure wat gevolg moet word en die institusionele reëlings neerlê ten opsigte van-

(i) die doeltreffende administrasie en verwerking van omgewingsmagtigings;

(ii) regverdige besluitneming en konflikbestuur by die oorweging en verwerking van aansoeke om omgewingsmagtigings;

(iii) die voorbereiding en evaluering van omgewingsinvloedbepalings, strategiese omgewingsbepalings, omgewingsbestuursplanne, en enige ander tersaaklike omgewingsbestuursinstrumente wat mettertyd ontwikkel word;

(iv) aansoeke deur enige persoon aan die bevoegde owerheid om vrygestel te word van die bepalings van enige regulasie ten opsigte van 'n bepaalde aktiwiteit;

(v) appèlle teen beslissings van bevoegde owerhede;

(c) gelde betaalbaar voorskryf vir-

(i) die oorweging en verwerking van aansoeke om omgewingsmagtigings;

(ii) die hersiening van dokumente, prosesse en prosedures deur spesialiste namens die bevoegde owerheid;

(d) die voorsiening vereis van finansiële of ander sekuriteit om die risiko's vir die Staat en die omgewing van nievoldoening aan voorwaardes gekoppel aan omgewingsmagtigings te dek;

(e) spesifiseer dat omgewingsinvloedbepalings, of ander gespesifiseerde take wat verrig word in verband met 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging, slegs uitgevoer mag word deur 'n omgewingsinvloed-bepalingspraktisyn wat ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures geregistreer is;

(f) vereis dat bevoegde owerhede 'n register van aansoeke om, en rekords van beslissings ten opsigte van, omgewingsmagtigings hou;

(g) spesifiseer dat 'n oortreding van 'n besondere regulasie 'n misdryf is en strawwe vir die oortreding van daardie regulasie voorskryf;

(h) minimum kriteria voorskryf vir die verslaginhoud vir elke soort verslag en vir elke proses wat ingevolge hierdie regulasies beoog word ten einde 'n konsekwente gehalte te verseker en die doeltreffende evaluering van verslae te fasiliteer;

(i) hersieningsmeganismes en -prosedures voorskryf wat kriteria vir en die verantwoordelikhede van alle partye in die hersieningsproses insluit;

(j) enige ander aangeleentheid voorskryf wat nodig is vir die hantering van die doen en evaluering van aansoeke om omgewingsmagtigings.

(6) 'n LUR kan regulasies ingevolge subartikel (5) uitvaardig slegs ten opsigte van gelyste aktiwiteite of gebiede ten opsigte waarvan die LUR die bevoegde owerheid is.

(7) Voldoening aan die prosedure deur die Minister of 'n LUR neergelê ingevolge subartikel (4) verwyder nie die nodigheid om 'n ander magtiging as 'n omgewingsmagtiging vir daardie aktiwiteit te bekom van enige staatsorgaan wat by wet gelas is om die implementering van die aktiwiteit te magtig, permitteer of andersins toe te laat nie.

(8) Magtigings of permitte kragtens enige ander wet verkry vir 'n aktiwiteit gelys of gespesifiseer ingevolge hierdie Wet skeld nie die aansoeker vry van die verkryging van magtiging kragtens hierdie Wet nie en enige sodanige ander

magtigings of permitte kan deur die bevoegde owerheid oorweeg word slegs ooreenkomstig subartikel (4) (d).

(9) Slegs die Minister kan regulasies ooreenkomstig subartikel (5) uitvaardig wat stipuleer die prosedure wat gevolg moet word en die verslag wat opgestel moet word by die ondersoek, bepaling en kommunikering van potensiële invloede ten einde aan subartikel (1) te voldoen waar-

(a) die aktiwiteit meer as een provinsie sal raak of oor internasionale grense sal strek;

(b) die aktiwiteit voldoening aan verpligtinge wat rus op die Republiek kragtens gewoonte- of internasionale reg of 'n konvensie sal raak.

[A. 24 vervang by a. 2 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24A]24A Prosedure vir lysting van aktiwiteit of gebied

(1) Voordat enige aktiwiteit of gebied ingevolge artikel 24 (2) geïdentifiseer kan word, moet die Minister of LUR, na gelang van die geval, 'n kennisgewing in die tersaaklike Staatskoerant laat publiseer wat-

(a) deur beskrywing, 'n kaart of op enige ander toepaslike wyse die aktiwiteit of gebied spesifiseer wat dit beoog om te lys;

(b) belanghebbende partye versoek om binne die tydperk gespesifiseer in die kennisgewing skriftelike kommentaar oor die beoogde lysting voor te lê.

[A. 24A ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24B]24B Prosedure vir ontlysting van aktiwiteite of gebiede

(1) die Minister kan 'n aktiwiteit of gebied wat deur die Minister ingevolge artikel 24 (2) geïdentifiseer is, ontlys.

(2) 'n LUR kan, met die instemming van die Minister, 'n aktiwiteit of gebied wat deur die LUR ingevolge artikel 24 (2) geïdentifiseer is, ontlys.

(3) Die Minister of LUR, na gelang van die geval, moet voldoen aan artikel 24A, gelees met die veranderings vereis deur die samehang, voor 'n aktiwiteit of gebied ingevolge hierdie artikel ontlys word.

[A. 24B ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24C]24C Prosedure om die bevoegde owerheid te identifiseer

(1) Wanneer aktiwiteite ingevolge artikel 24 (2) gelys word, moet die Minister, of die LUR met die instemming van die Minister, die bevoegde owerheid

verantwoordelik vir die toestaan van omgewingsmagtigings ten opsigte van daardie aktiwiteite identifiseer.

(2) Die Minister moet geïdentifiseer word as die bevoegde owerheid ingevolge subartikel (1) indien die aktiwiteit-

(a) implikasies vir nasionale omgewingsbeleid of internasionale omgewingsverbintenisse of betrekkinge het;

(b) sal plaasvind in 'n gebied geïdentifiseer ingevolge artikel 24 (2) (b) of (c) as gevolg van die verpligtinge van die Republiek ingevolge enige internasionale omgewingsinstrument, uitgesonderd enige gebied wat binne die kuslyn val, 'n bewaringsgebied, 'n beskermde natuurlike omgewing, 'n geproklameerde privaat natuurreservaat, 'n natuurerfenisterrein, of die buffersone of oorgangsgebied van 'n biosfeerreservaat of 'n wêrelderfenisterrein;

(c) meer as een provinsie sal raak of oor internasionale grense sal strek;

(d) onderneem word, of onderneem staan te word, deur-

(i) 'n nasionale departement;

(ii) 'n provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake; of

(iii) 'n statutêre liggaam, uitgesluit enige munisipaliteit wat 'n eksklusiewe bevoegdheid van die nasionale regeringsfeer uitvoer; of

(e) sal plaasvind in 'n nasionaal geproklameerde beskermde gebied of ander bewaringsgebied onder beheer van 'n nasionale owerheid.

(3) Die Minister en 'n LUR kan ooreenkom dat aansoeke om omgewingsmagtigings met betrekking tot enige aktiwiteit of klas aktiwiteite-

(a) beoog in subartikel (2) deur die LUR hanteer kan word;

(b) ten opsigte waarvan die LUR as die bevoegde owerheid geïdentifiseer is, deur die Minister gehanteer kan word.

[A. 24C ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24D]24D Publikasie van lys

Die Minister of LUR, na gelang van die geval, moet 'n kennisgewing in die tersaaklike Staatskoerant publiseer wat aktiwiteite en gebiede lys wat ingevolge subartikel 24 (2) geïdentifiseer word, en die bevoegde owerhede lys wat ingevolge subartikel 24C geïdentifiseer word en die datum waarop die lys van krag word.

[A. 24D ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24E]24E Minimum voorwaardes gekoppel aan omgewingsmagtigings

Elke omgewingsmagtiging moet as minimum verseker dat-

(a) toereikende voorsiening gemaak word vir die deurlopende bestuur en monitering van die invloede van die aktiwiteit op die omgewing vir die duur van die lewensiklus van die aktiwiteit;

(b) die eiendom, terrein of gebied gespesifiseer word; en

(c) voorsiening gemaak word vir die oordrag van regte en verpligtinge wanneer 'n verandering in die eienaarskap van die eiendom plaasvind.

[A. 24E ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24F]24F Misdrywe wat verband hou met die aanvang of voortsetting van gelyste aktiwiteite

(1) Ondanks die bepalings van enige ander Wet mag geen persoon met 'n aktiwiteit gelys ingevolge artikel 24 (2) (a) of (b) 'n aanvang neem nie, tensy die bevoegde owerheid 'n omgewingsmagtiging vir die aktiwiteit toegestaan het, en geen persoon mag 'n bestaande aktiwiteit gelys ingevolge artikel 24 (2) (d) voortsit indien 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging geweier word nie.

(2) Dit is 'n misdryf vir enige persoon om in stryd met subartikel (1) of die voorwaardes met betrekking tot enige omgewingsmagtiging wat toegestaan is vir 'n gelyste aktiwiteit, op te tree.

(3) Dit is 'n verdediging teen 'n aanklag ingevolge subartikel (2) om aan te toon dat die aktiwiteit 'n aanvang geneem het of voortgegaan het in reaksie op 'n noodgeval, ter beskerming van menselewe, eiendom of die omgewing.

(4) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (2) aan 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens R5 miljoen of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

[A. 24F ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24G]24G Regstelling van gelyste aktiwiteite wat onwettig 'n aanvang geneem het of voortduur

(1) By aansoek deur enige persoon wat 'n misdryf ingevolge artikel 24F (2) gepleeg het, kan die Minister of LUR, na gelang van die geval, die aansoeker opdrag gee om-

(a) 'n verslag saam te stel wat-

(i) 'n bepaling bevat van die aard, omvang, duur en beduidendheid van die invloede van die aktiwiteit op die omgewing, met inbegrip van die kumulatiewe effekte;

(ii) 'n beskrywing bevat van versagtende maatreëls wat onderneem word of onderneem moet word ten opsigte van die invloede van die aktiwiteit op die omgewing;

(iii) 'n beskrywing bevat van die openbaredeelnameproses gevolg gedurende die opstel van die verslag, met inbegrip van alle kommentaar van belanghebbende en geraakte partye ontvang, en 'n aanduiding van hoe kwessies wat geopper is, aangespreek is;

(iv) 'n omgewingsbestuursplan bevat; en

(b) die ander inligting te verstrek of die verdere studies te onderneem wat die Minister of LUR nodig ag.

(2) By betaling deur die persoon van 'n administrasie boete van hoogstens R1 miljoen, soos deur die bevoegde owerheid bepaal, moet die Minister of die betrokke LUR die verslag beoog in subartikel (1) oorweeg en kan daarna-

(a) sodanige persoon opdrag gee om die aktiwiteit te staak, óf in sy geheel óf ten dele, en om die omgewing te rehabiliteer binne die tyd en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister of LUR nodig ag; of

(b) 'n omgewingsmagtiging aan sodanige persoon uitreik, onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister of LUR nodig ag.

(3) 'n Persoon wat in gebreke bly om 'n opdrag beoog in subartikel (2) (a) na te kom of wat versuim om te voldoen aan enige voorwaarde beoog in subartikel (2) (b) is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete beoog in artikel 24F (4).

[A. 2G ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24H]24H Registrasie-owerhede

(1) Enige vereniging wat beoog om sy lede as omgewingsinvloedbepalingspraktisyns te registreer, kan by die Minister aansoek doen om aangestel te word as 'n registrasie-owerheid op die wyse wat die Minister voorskryf.

(2) Die aansoek moet-

(a) die konstitusie van die vereniging bevat;

(b) 'n lys van die lede van die vereniging bevat;

(c) 'n beskrywing bevat van die kriteria en proses wat gebruik moet word om omgewingsinvloedbepalingspraktisyns te registreer;

(d) 'n lys bevat van die kwalifikasies van die lede van die vereniging verantwoordelik vir die evaluering van aansoekers vir registrasie;

(e) 'n gedragskode bevat wat die etiese en professionele gedrag van lede van die vereniging reguleer; en

(f) enige ander voorgeskrewe vereistes bevat.

(3) Na oorweging van 'n aansoek, en enige ander bykomende inligting wat deur die Minister vereis word, kan die Minister-

(a) die vereniging by kennisgewing in die Staatskoerant aanstel as 'n registrasie-owerheid; of

(b) by skriftelike kennisgewing gerig aan die vereniging, die aansoek weier met verstrekking van redes vir die weiering.

(4) Die Minister kan om goeie rede en by skriftelike kennisgewing gerig aan die vereniging die aanstelling van 'n vereniging as 'n registrasie-owerheid beëindig.

(5) Die Minister moet 'n register hou van alle verenigings ingevolge hierdie artikel as registrasie-owerhede aangestel.

[A. 24H ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a24I]24I Aanstelling van eksterne spesialis om bepaling te hersien

(1) Die Minister of LUR kan 'n eksterne spesialishersiener aanstel en kan koste van die applikant verhaal in gevalle waar-

(a) die tegniese kennis wat vereis word om enige aspek van 'n bepaling te hersien, nie geredelik beskikbaar is binne die bevoegde owerheid nie;

(b) 'n hoë vlak van objektiwiteit vereis word, wat nie duidelik blyk uit die dokumente wat voorgelê is nie, ten einde vas te stel of die inligting vervat in sodanige dokumente voldoende is vir besluitneming en of dit wysiging vereis.

[A. 24I ingevoeg by a. 3 van Wet 8 van 2004.]

HOOFSTUK 6
INTERNASIONALE VERPLIGTINGE EN OOREENKOMSTE (aa 25-27)

[w107j1998a25]25 Inkorporasie van internasionale omgewingsdokumente

(1) Indien die Republiek nog nie gebonde is aan 'n internasionale omgewingsdokument nie, kan die Minister 'n aanbeveling aan die Kabinet en die

Parlement doen rakende die toetrede tot en bekragtiging van 'n internasionale omgewingsdokument, welke aanbeveling oor die volgende kan handel:

(a) Beskikbare hulpbronne ten einde implementering te verseker;

(b) standpunte van belanghebbende partye en partye wat geraak word;

(c) voordele vir die Republiek;

(d) nadele vir die Republiek;

(e) die beraamde datum wanneer die dokument in werking gaan tree;

(f) die beraamde datum wanneer die dokument op die Republiek bindend sal word;

(g) die minimum aantal state wat vereis word om die dokument te onderteken sodat dit in werking gestel word;

(h) die onderskeie verantwoordelikhede van alle nasionale departemente wat betrokke is;

(i) die potensiële inwerking van toetrede op nasionale partye;

(j) voorbehoude wat gemaak staan te word, indien enige; en

(k) enige ander aangeleentheid wat na die oordeel van die Minister ter sake is.

(2) Waar die Republiek 'n party tot 'n internasionale omgewingsdokument is, kan die Minister, na voldoening aan die bepalings van artikel 231 (2) en (3) van die Grondwet, die bepalings van die internasionale omgewingsdokument en enige wysiging of byvoeging tot sodanige dokument in die Staatskoerant publiseer.

(3) Die Minister kan wetgewing in die Parlement indien of sodanige regulasies uitvaardig as wat nodig is om aan 'n internasionale omgewingsdokument waartoe die Republiek 'n party is, gevolg te gee, en sodanige wetgewing en regulasies kan, inter alia, met die volgende handel:

(a) die koördinering van die implementering van die dokument;

(b) die toewysing van verantwoordelikhede ingevolge die dokument, met inbegrip van die verantwoordelikhede van ander staatsorgane;

(c) die insameling van inligting, asook, vir die doel om verslae saam te stel en by te werk wat ingevolge die dokument en vir voorlegging aan die Parlement vereis word;

(d) die verspreiding van inligting wat verband hou met die dokument en verslae van internasionale vergaderings;

(e) inisiatiewe en stappe betreffende navorsing, onderrig, opleiding, bewusmaking en die opbou van vermoëns;

(f) openbare deelname, en om toe te sien dat dit plaasvind;

(g) die implementering van en nakoming van die bepalings van die dokument, met inbegrip van die skepping van misdrywe en die voorskryf van strawwe waar van toepassing; en

(h) enige ander aangeleentheid wat nodig is om aan die dokument gevolg te gee.

(4) Voordat 'n aanbeveling in subartikel (1) genoem, gedoen word, kan die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant sy of haar voorneme om sodanige aanbeveling te doen bekend maak en 'n uitnodiging rig vir geskrewe kommentaar.

[w107j1998a26]26 Verslae

(1) Die Minister doen een maal per jaar aan die Parlement verslag oor internasionale omgewingsdokumente waarvoor hy of sy verantwoordelik is en sodanige verslag kan inligting insluit oor-

(a) die deelname aan internasionale vergaderings wat verband hou met internasionale omgewingsdokumente;

(b) die vordering met die implementering van internasionale omgewingsdokumente waartoe die Republiek 'n party is;

(c) die voorbereiding wat onderneem word met betrekking tot internasionale dokumente waartoe die Republiek waarskynlik 'n party sal word;

(d) inisiatiewe en onderhandelings in die streek van Suider-Afrika;

(e) die doeltreffendheid van koördineringsmeganismes; en

(f) wetgewende maatreëls wat getref is en die tydskale waarbinne dié maatreëls hul beoogde doelstellings sal bereik.

(2) (a) Die Minister moet 'n Jaarlikse Prestasieverslag op Volhoubare Ontwikkeling inisieer ten einde aan die regering se verbondenheid aan Agenda 21 uitvoering te gee.

(b) (i) Die Jaarlikse Prestasieverslag moet alle tersaaklike bedrywighede van alle nasionale departemente en regeringsfere omvat.

(ii) Alle tersaaklike staatsorgane moet aan die Minister verslag doen op 'n datum deur die Minister bepaal te word vir die doeleindes van die verslag in paragraaf

(a) genoem en dit kan bestaan uit 'n versameling van inligting wat vir ander doeleindes saamgestel is.

(c) Die Minister kan die persone aanstel wat hy of sy nodig ag om as 'n sekretariaat te dien ten einde te sorg vir die voorbereiding van die verslag.

(d) Die doel van die verslag is om-

(i) 'n oudit en 'n verslag van die regering se werkverrigting ten opsigte van Agenda 21 te verskaf;

(ii) prosedures vir die koördinering van beleid en begrotings om die doelstellings van Agenda 21 te bereik, te hersien; en

(iii) vooruitgang met 'n openbare opvoedkundige program om die doelstellings van Agenda 21 te bereik, te hersien.

[w107j1998a27]27 Toepassing

(1) Hierdie Hoofstuk is van toepassing op enige internasionale omgewingsdokument, hetsy die Republiek voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n party daartoe geword het.

(2) Die bepalings van enige internasionale omgewingsdokument wat gepubliseer is ooreenkomstig hierdie artikel, is getuienis van die inhoud van die internasionale omgewingsdokument in enige verrigtinge of aangeleentheid waarin die bepaling van die dokument ter sprake kom.

HOOFSTUK 7
NAKOMING, AFDWINGING EN BESKERMING (aa 28-34)

Deel 1
Omgewingsgevare (aa 28-30)

[LW: Die opskrif is vervang deur a. 2 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

[w107j1998a28]28 Plig tot sorg en regstelling van omgewingskade

(1) Enigiemand wat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak, veroorsaak het of kan veroorsaak, moet redelike stappe doen om die voorkoming, voortduring of herhaling daarvan te voorkom, of, in soverre sodanige besoedeling of agteruitgang regtens gemagtig word of nie redelikerwys vermy of gestop kan word nie, om enige sodanige besoedeling of agteruitgang so min moontlik te hou of te herstel.

(2) Sonder om die algemeenheid van die plig in subartikel (1) te beperk, sluit die persone op wie subartikel (1) 'n plig oplê om redelike stappe te doen, in 'n eienaar

van grond of 'n perseel, 'n persoon in beheer van grond of 'n perseel of 'n persoon wat 'n reg het om grond of 'n perseel te gebruik waarop of waarin-

(a) 'n bedrywigheid of proses plaasvind of plaasgevind het of verrig word of verrig is; of

(b) enige ander toestand bestaan wat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak, dit veroorsaak het of waarskynlik sal veroorsaak.

(3) Die maatreëls in subartikel (1) vereis, kan maatreëls insluit om-

(a) die inwerking op die omgewing te ondersoek, vas te stel en te evalueer;

(b) werknemers in te lig en op te voed oor die omgewingsrisiko's verbonde aan hulle werk en die wyse waarop hul take verrig moet word ten einde te verhoed dat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak word;

(c) enige handeling of proses wat besoedeling of agteruitgang veroorsaak, te staak, te temper of te beheer;

(d) die beweging van besoedelende stof of die oorsaak van agteruitgang in bedwang te hou of te voorkom;

(e) enige bron van die besoedeling of agteruitgang uit te skakel; of

(f) die gevolge van die besoedeling of agteruitgang reg te stel.

(4) Die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof kan, na oorlegpleging met enige ander betrokke staatsorgaan en nadat voldoende geleentheid aan persone wat geraak word, gegee is om hom of haar van hul betrokke belange in te lig, enige persoon wat versuim om die vereiste stappe kragtens subartikel (1) te doen, gelas om-

(a) die inwerking van bepaalde aktiwiteite te ondersoek, te evalueer en vas te stel en daaroor verslag te doen;

(b) te begin om bepaalde redelike stappe voor 'n gegewe datum te doen;

(c) daardie stappe ywerig voort te sit; en

(d) om dit voor 'n redelike datum, wat vermeld word, te voltooi:

Met dien verstande dat die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof, indien dringende optrede nodig is om die omgewing te beskerm, sodanige lasgewing kan uitreik en oorleg pleeg en sodanige geleentheid bied om inligting te verskaf as wat so spoedig daarna redelik is.

(5) Die Direkteur-generaal of 'n provinsiale departementshoof moet, wanneer 'n stap of tydperk beoog in subartikel (4) oorweeg word, die volgende in aanmerking neem-

(a) die beginsels in artikel 2 uiteengesit;

(b) die bepalings van enige aanvaarde omgewingsbestuursplan of omgewingsimplementeringsplan;

(c) die felheid van enige inwerking op die omgewing en die koste van die voorgestelde stappe;

(d) enige stappe wat voorgestel word deur die persoon op wie die stappe ingestel gaan word;

(e) die wenslikheid dat die Staat sy aanspreeklikheid na verhouding verdeel word onder die betrokke persone;

(f) enige ander tersaaklike faktore.

(6) Indien 'n persoon wat kragtens hierdie Wet vereis word om rehabilitasie en ander herstelwerk op die grond van 'n ander te doen, redelike toegang tot, gebruik van of 'n beperking op gebruik van daardie grond verlang ten einde rehabilitasie of herstelwerk te bewerkstellig, maar nie in staat is om dit op redelike voorwaardes te bekom nie, kan die Minister-

(a) die nodige regte ten opsigte van daardie grond tot voordeel van die persoon wat die rehabilitasie- of herstelwerk onderneem, onteien, op wie die onteiende regte dan sal oorgaan; en

(b) alle koste wat aangegaan is, van die persoon tot wie se voordeel die onteiening bewerkstellig is, verhaal.

(7) Sou 'n persoon versuim om gehoor te gee aan 'n opdrag of nie genoegsaam gehoor gee aan 'n opdrag kragtens subartikel (4) nie, kan die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof redelike stappe doen om die situasie reg te stel.

(8) Behoudens subartikel (9), kan die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof alle koste wat aangegaan is as gevolg van sy of haar optrede kragtens subartikel (7), verhaal van enige van of al die volgende persone-

(a) enige persoon wat verantwoordelik is of was, of wat direk of indirek bygedra het tot die besoedeling of agteruitgang of die potensiële besoedeling of agteruitgang;

(b) die eienaar van die grond op die tydstip wat die besoedeling of agteruitgang of die potensiaal vir besoedeling of agteruitgang voorgekom het, of daardie eienaar se regsopvolger;

(c) die persoon in beheer van die grond of enige persoon wat 'n reg het om die grond te gebruik op die tydstip wat-

(i) die werksaamheid of die proses verrig of onderneem word of is; of

(ii) die situasie ontstaan het; of

(d) enige persoon wat nalatig versuim het om te voorkom dat-

(i) die werksaamheid of die proses verrig of onderneem word; of

(ii) die situasie ontstaan:

Met dien verstande dat sodanige persoon versuim het om die stappe te doen wat kragtens subartikel (1) van hom of haar vereis word.

(9) Die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof kan, met betrekking tot die verhaal van koste kragtens subartikel (8), na verhouding eis van enige persoon wat deur die stappe wat kragtens subartikel (7) gedoen is, bevoordeel is.

(10) Die koste wat kragtens subartikels (6), (8) en (9) verhaal word, moet redelik wees en kan, sonder dat dit daartoe beperk word, arbeids-, administratiewe en bokoste insluit.

(11) Indien meer as een persoon kragtens subartikel (8) aanspreeklik is, moet die rol as bewaarder wat die omgewing in openbare trust vir die nasie hou, vervul ooreenkomstig die graad waarin elkeen verantwoordelik was vir die skade aan die omgewing wat ontstaan uit elkeen se versuim om die maatreëls kragtens subartikels (1) en (4) vereis, te tref.

(12) Enige persoon kan, nadat die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof 30 dae kennis gegee is, by 'n bevoegde hof aansoek doen om 'n bevel wat die Direkteur-generaal of enige provinsiale departementshoof opdrag gee om enige stappe te doen wat in subartikel (4) gelys word, indien die Direkteur-generaal of provinsiale departementshoof versuim om sodanige persoon skriftelik in kennis te stel dat hy of sy die persoon beoog in subartikel (8) gelas het om een van daardie stappe te doen, en dan geld die bepalings van artikel 32 (2) en (3) met die nodige veranderinge op sodanige verrigtinge.

(13) Wanneer 'n aansoek ingevolge subartikel (12) oorweeg word, neem die hof die faktore in subartikel (5) uiteengesit, in aanmerking.

[w107j1998a29]29 Beskerming van werkers wat weier om gevaarlike omgewingswerk te doen

(1) Ondanks die bepalings van enige ander wet, kan geen persoon sivielregtelik en strafregtelik aanspreeklik gehou of ontslaan, gedissiplineer, benadeel

of geteister word op grond daarvan dat hy of sy geweier het om enige werk te verrig nie indien die persoon te goeder trou en redelikerwys ten tyde van die weiering geglo het dat die verrigting van die werk 'n dreigende en ernstige bedreiging vir die omgewing tot gevolg sou hê.

(2) 'n Werknemer wat ingevolge subartikel (1) geweier het om werk te verrig moet so spoedig daarna as wat redelik doenlik is, die werkgewer inlig, hetsy persoonlik, hetsy deur 'n verteenwoordiger, dat hy of sy aldus geweier het om werk te verrig en die redes vir die weiering verstrek.

(3) Subartikel (1) is van toepassing ongeag of die persoon wat weier om te werk enige ander toepaslike eksterne of interne prosedure gebruik of uitgeput het of andersins die betrokke aangeleentheid reggestel het.

(4) Niemand mag enigiemand bevoordeel of beloof om enigiemand te bevoordeel om nie sy of haar regte ingevolge subartikel (1) uit te oefen nie.

(5) Niemand mag dreig om enige stappe beoog in subartikel (1) teen 'n persoon te doen nie omdat daardie persoon sy of haar reg ingevolge subartikel (1) uitgeoefen het of beoog om dit uit te oefen.

[w107j1998a30]30 Beheer van noodvoorvalle

(1) In hierdie artikel beteken-

(a) "voorval" 'n onverwagse skielike gebeurtenis, met inbegrip van ernstige uitstraling, brand of ontploffing, wat lei tot ernstige gevaar vir die publiek of potensieel ernstige besoedeling van of nadeel vir die omgewing, hetsy onmiddellik of vertraag;

(b) "verantwoordelik persoon", ook iemand wat-

(i) vir die voorval verantwoordelik is;

(ii) enige gevaarlike stof wat by die voorval betrokke is, besit; of

(iii) in beheer was van die gevaarlike stof wat ten tyde van die voorval by die voorval betrokke was;

(c) "betrokke owerheid"-

(i) 'n munisipaliteit met jurisdiksie oor die gebied waarbinne 'n voorval plaasvind;

(ii) 'n provinsiale departementshoof of enige ander provinsiale beampte wat vir daardie doel deur die LUR aangestel is in 'n provinsie waarbinne die voorval plaasvind;

(iii) die Direkteur-generaal;

(iv) enige ander Direkteur-generaal van 'n nasionale departement.

(2) Waar hierdie artikel 'n betrokke owerheid magtig om enige stappe te doen, kan sodanige stappe slegs gedoen word deur-

(a) die persoon bedoel in subartikel (1) (c) (iv) indien geen stappe gedoen is deur enige van die ander persone wat in subartikel (1) (c) gelys is nie;

(b) die persoon bedoel in subartikel (1) (c) (iii) indien geen stappe gedoen is deur enige van die persone wat in subartikel (1) (c) (i) en (c) (ii) gelys is nie;

(c) die persoon bedoel in subartikel (1) (c) (ii) indien geen stappe gedoen is deur die persoon wat in subartikel (1) (c) (i) gelys is nie:

Met dien verstande dat enige betrokke owerheid buitendien sodanige stappe kan doen indien die omstandighede dit noodsaak en geen ander persoon bedoel in subartikel (1) (c) reeds sodanige stappe gedoen het nie.

(3) Die verantwoordelike persoon, of sy of haar werkgewer, indien die voorval gedurende die loop van daardie persoon se diens plaasgevind het, moet onverwyld, na kennis van die voorval-

(a) die aard van die voorval;

(b) enige risiko's wat deur die voorval vir die openbare gesondheid, veiligheid en eiendom opgelewer word;

(c) die giftigheid van die stowwe of afvalprodukte wat deur die voorval vrygestel word; en

(d) enige stappe wat gedoen moet word ten einde die gevolge van die voorval op openbare gesondheid en die omgewing te vermy of so klein moontlik te hou,

op die mees doeltreffende manier redelikerwys beskikbaar, rapporteer aan-

(i) die Direkteur-generaal;

(ii) die Suid-Afrikaanse Polisiediens of die betrokke brandbestrydingsdiens;

(iii) die betrokke provinsiale departementshoof of munisipaliteit; en

(iv) alle persone wie se gesondheid deur die voorval geraak kan word.

(4) Die verantwoordelike persoon, of indien die voorval gedurende die loop van daardie persoon se diens plaasgevind het, sy of haar werkgewer moet, so spoedig redelik doenlik nadat hy of sy van die voorval te wete gekom het-

(a) alle redelike stappe doen om die gevolge van die voorval in bedwang te hou en so min moontlik te hou, met inbegrip van die voorval se gevolge op die omgewing en enige risiko's wat deur die voorval opgelewer word ten opsigte van die gesondheid, veiligheid en eiendom van persone;

(b) opruimingsprosedures onderneem;

(c) die uitwerking van die voorval herstel;

(d) die onmiddellike en langtermyn gevolge van die voorval op die omgewing en openbare gesondheid, vasstel.

(5) Die verantwoordelike persoon, of indien die voorval gedurende die loop van daardie persoon se diens plaasgevind het, sy of haar werkgewer moet, binne 14 dae na die voorval, aan die Direkteur-generaal, provinsiale departementshoof en munisipaliteit die beskikbare inligting rapporteer ten einde 'n voorlopige evaluering van die voorval te bewerkstellig, met inbegrip van-

(a) die aard van die voorval;

(b) die stowwe wat betrokke is en 'n beraming van die hoeveelheid stowwe wat vrygestel is en hul moontlike akute uitwerking op persone en die omgewing en inligting wat nodig is om hierdie gevolge vas te stel;

(c) aanvanklike stappe wat gedoen is om die inwerkings so klein moontlik te hou;

(d) oorsake van die voorval, hetsy direk of indirek, met inbegrip van toerusting-, tegnologie-, en stelselweiering en bestuursversuim; en

(e) stappe wat gedoen is en gedoen moet word ten einde, 'n herhaling van sodanige voorval te voorkom.

(6) 'n Betrokke owerheid kan die verantwoordelike persoon opdrag gee om bepaalde stappe binne 'n bepaalde tyd te doen ten einde sy of haar verpligtinge kragtens subartikels (4) en (5) te volvoer: Met dien verstande dat die betrokke owerheid, wanneer enige sodanige stap of tydperk oorweeg word, die volgende in aanmerking moet neem-

(a) die beginsels in artikel 2 uiteengesit;

(b) die felheid van enige inwerking op die omgewing as gevolg van die voorval en die koste van die voorgestelde stappe;

(c) enige stappe wat reeds gedoen is en wat voorgestel word deur die persoon teen wie die stappe ingestel gaan word, indien van toepassing;

(d) die wenslikheid van die Staat om sy rol as bewaarder wat die omgewing in openbare trust vir die nasie hou, te vervul;

(e) enige ander faktor wat ter sprake is.

(7) 'n Mondelinge opdrag moet skriftelik bevestig word by die eerste geleentheid, wat binne sewe dae moet wees.

(8) Sou-

(a) die verantwoordelike persoon versuim om 'n opdrag kragtens subartikel (6) na te kom, of sodanige opdrag nie genoegsaam nakom nie;

(b) daar onsekerheid bestaan oor wie die verantwoordelike persoon is; of

(c) daar 'n onmiddellike risiko van ernstige gevaar vir die publiek bestaan of potensieel ernstige nadeel vir die omgewing bestaan,

kan enige betrokke owerheid die stappe doen wat hy nodig ag om-

(i) die gevolge van die voorval in bedwang te hou en so klein moontlik te hou;

(ii) opruimingsprosedures te onderneem; en

(iii) die uitwerking van die voorval reg te stel.

(9) 'n Betrokke owerheid kan van elke verantwoordelike persoon gesamentlik en afsonderlik terugbetaling eis van alle redelike uitgawes deur hom ingevolge subartikel (8) aangegaan.

(10) 'n Betrokke owerheid wat stappe kragtens subartikel (6) of (8) gedoen het, moet, so gou redelik doenlik, omvattende verslae oor die voorval opstel, welke verslae op die mees doeltreffende wyse redelikerwys beskikbaar, beskikbaar gestel word aan-

(a) die publiek;

(b) die Direkteur-generaal;

(c) die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die betrokke brandbestrydingsdiens;

(d) die betrokke provinsiale departementshoof of munisipaliteit; en

(e) alle persone wat deur die voorval geraak kan word.

Inligting, afdwinging en nakoming (aa 31-34)

[LW: Die opskrif is geskrap deur a. 3 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word.]

[w107j1998a31]31 Toegang tot omgewingsinligting en beskerming van verklikkers

(1) Toegang tot inligting wat deur die Staat gehou word, word gereël deur die wet beoog kragtens artikel 32 (2) van die Grondwet: Met dien verstande dat hangende die afkondiging van sodanige wet, die volgende bepalings van toepassing is:

(a) enigiemand is geregtig op toegang tot inligting wat deur die Staat en staatsorgane gehou word en wat verband hou met die toepassing van hierdie Wet en enige ander wet wat die omgewing raak, en met die toestand van die omgewing en werklike en toekomstige bedreigings vir die omgewing, met inbegrip van enige storting in die water, of op die grond of enige uitlating in die lug en die vervaardiging, hantering, vervoer, behandeling, berging en verwydering van gevaarlike afval en stowwe;

(b) staatsorgane is geregtig op toegang tot inligting wat verband hou met die toestand van die omgewing en werklike en toekomstige bedreigings vir die omgewing, met inbegrip van enige stortings in die water, of op die grond of enige uitlating in die lug en die vervaardiging, hantering, vervoer, behandeling, berging en verwydering van gevaarlike afval wat deur enige persoon gehou word waar daardie staatsorgane daardie inligting nodig het om hul pligte te verrig ingevolge die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet wat betrokke is by die beskerming van die omgewing of die benutting van natuurlike hulpbronne;

(c) 'n versoek om inligting beoog in paragraaf (a) kan slegs geweier word-

(i) indien die versoek klaarblyklik onredelik is of in 'n te algemene wyse geformuleer is;

(ii) indien die openbare orde of nasionale veiligheid deur die voorsiening van die inligting benadeel sal word;

(iii) vir die redelike beskerming van vertroulike handelsinligting;

(iv) indien die verlening van die inligting die beskerming van die omgewing bedreig of verder bedreig; en

(v) vir die redelike beskerming van persoonlike privaatheid.

(2) Behoudens subartikel (3) kan die Minister regulasies uitvaardig betreffende toegang deur lede van die publiek tot inligting wat privaat gehou word en wat verband hou met die toepassing van hierdie Wet en enige ander wet wat betrokke is by die beskerming van die omgewing en kan vir dié doel die wyse voorskryf

waarop sodanige inligting gehou sal word: Met dien verstande dat sodanige regulasies redelik en geregverdig is in 'n oop en demokratiese gemeenskap wat gebaseer is op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

(3) Die Minister neem in aanmerking-

(a) die beginsels in artikel 2 uiteengesit;

(b) die bepalings van subartikel (1) (c);

(c) die bepalings van internasionale reg en vreemde reg; en

(d) enige ander relevante oorwegings.

(4) Ondanks die bepalings van enige ander wet, kan geen persoon sivielregtelik of strafregtelik aanspreeklik gehou word of ontslaan, gedissiplineer, benadeel of geteister word nie omdat hy of sy enige inligting openbaar gemaak het, indien die persoon te goeder trou en redelikerwys ten tyde van die openbaarmaking geglo het dat hy of sy inligting oor 'n omgewingsrisiko openbaar gemaak het en dat die openbaarmaking ooreenkomstig subartikel (5) gemaak is.

(5) Subartikel (4) is slegs van toepassing indien die betrokke persoon-

(a) die betrokke inligting openbaar gemaak het aan-

(i) 'n komitee van die Parlement of 'n provinsiale wetgewer;

(ii) 'n staatsorgaan wat verantwoordelik is vir die beskerming van enige aspek van die omgewing of nooddienste;

(iii) die Openbare Beskermer;

(iv) die Menseregtekommissie;

(v) enige prokureur-generaal of sy of haar opvolger;

(vi) meer as een van die liggame of persone bedoel in subparagrawe (i) tot (v);

(b) die betrokke inligting openbaar gemaak het aan een of meer nuusmedia en op duidelike en oortuigende gronde ten tyde van die openbaarmaking geglo het-

(i) dat die openbaarmaking nodig was om 'n dreigende en ernstige bedreiging vir die omgewing te voorkom, om te verseker dat die bedreiging vir die omgewing behoorlik en tydig ondersoek word of om homself of haarself teen ernstige of onherstelbare skade van vergelding te beskerm;

(ii) met behoorlike inagneming van die belangrikheid van 'n oop, aanspreeklike en deelnemende administrasie, dat die openbare belang in openbaarmaking van die inligting duidelik enige behoefte vir nie-openbaarmaking oortref;

(c) die betrokke inligting substantief openbaar gemaak het ooreenkomstig enige toepaslike eksterne of interne prosedure, anders as die prosedure beoog in paragraaf (a) of (b), vir die rapportering of andersins regstelling van die betrokke aangeleentheid; of

(d) inligting openbaar maak wat, voor die tyd van openbaarmaking van die inligting, vir die publiek beskikbaar geword het, ongeag of dit in die Republiek of elders is.

(6) Subartikel (4) is van toepassing ongeag of die persoon wat die betrokke inligting openbaar maak enige ander toepaslike eksterne of interne prosedure gebruik of uitgeput het, om die betrokke aangeleentheid te rapporteer of andersins reg te stel.

(7) Niemand mag enige persoon bevoordeel of belowe om hom of haar te bevoordeel nie omdat hy of sy nie sy of haar reg ingevolge subartikel (4) uitgeoefen het nie.

(8) Niemand mag dreig om teen 'n persoon op te tree soos beoog in subartikel (4) omdat daardie persoon sy reg ingevolge subartikel (4) uitgeoefen het of beoog om dit uit te oefen nie.

[LW: 'n Deel 2 (aa. 31A tot en met 31Q) is ingevoeg deur a. 4 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX. 'n Opskrif vir Deel 3 is ingevoeg deur a. 5 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

[w107j1998a32]32 Regsbevoegdheid om omgewingswette af te dwing

(1) Enige persoon of groep persone kan gepaste regshulp aanvra met betrekking tot enige oortreding of dreigende oortreding van enige bepaling van hierdie Wet, met inbegrip van 'n beginsel in Hoofstuk 1 vervat, of enige ander statutêre bepaling rakende die beskerming van die omgewing of die benutting van natuurlike hulpbronne-

(a) in daardie persoon of groep persone se eie belang;

(b) in die belang van, of namens, 'n persoon wat, om praktiese redes, nie in staat is om sodanige verrigtinge aanhangig te maak nie;

(c) in die belang van of namens 'n groep of klas persone wie se belange geraak word;

(d) in die openbare belang; en

(e) in die belang van die beskerming van die omgewing.

[LW: Sub-a. (1) is gewysig deur a. 6 (a) van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

(2) 'n Hof kan besluit om nie koste teen 'n persoon, of 'n groep persone toe te ken wat nie daarin slaag nie om die regshulp te verkry wat aangevra word met betrekking tot enige oortreding of dreigende oortreding van enige bepaling, met inbegrip van 'n beginsel van hierdie Wet, of enige ander statutêre bepaling wat betrokke is by die beskerming van die omgewing of die benutting van natuurlike hulpbronne nie, indien die hof van oordeel is dat die persoon of groep persone redelik opgetree het as gevolg van 'n besorgdheid vir die openbare belang of die beskerming van die omgewingsbelang en behoorlik pogings aangewend het om ander maniere te gebruik om dié regshulp te verkry.

[LW: Sub-a. (2) is vervang deur a. 6 (b) van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

(3) Waar 'n persoon of groep persone die regshulp verkry wat met betrekking tot enige oortreding of dreigende oortreding van enige bepaling van hierdie Wet of enige ander statutêre bepaling wat betrokke is by die beskerming van die omgewing, kan 'n hof op aansoek-

(a) koste toeken op 'n gepaste skaal aan enige persoon of persone wat geregtig is om as advokaat of prokureur in die Republiek te praktiseer en wat gratis regshulp of verteenwoordiging vir sodanige persoon of groep persone in die voorbereiding vir of voer van die verrigtinge verskaf het; en

(b) beveel dat die party teen wie die regshulp toegeken is, aan die betrokke persoon of groep persone enige redelike koste betaal wat deur sodanige persoon of groep aangegaan is in die ondersoek van die saak en die voorbereiding vir die verrigtinge.

[LW: Sub-a. (3) is gewysig deur a. 6 (c) van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

[w107j1998a33]33 Private vervolging

(1) Enigiemand kan-

(a) in die openbare belang; of

(b) in belang van die beskerming van die omgewing

'n vervolging instel en voer met betrekking tot enige oortreding of dreigende oortreding van enige plig, anders as 'n openbare plig wat by 'n staatsorgaan berus, in enige nasionale of provinsiale wetgewing of munisipale verordening, of enige

regulasie, lisensie, toestemming of magtiging uitgereik ingevolge sodanige wetgewing, waar daardie plig betrokke is by die beskerming van die omgewing en die oortreding van daardie plig 'n misdaad is.

(2) Die bepalings van artikels 9 tot 17 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), wat van toepassing is op 'n vervolging ingestel en gevoer kragtens artikel 8 van daardie Wet, is van toepassing op 'n vervolging ingestel en gevoer kragtens subartikel (1): Met dien verstande dat, indien-

(a) die persoon wat privaat vervolg, dit deur 'n persoon doen wat geregtig is om as 'n advokaat of 'n prokureur in die Republiek te praktiseer;

(b) die persoon wat privaat vervolg skriftelik aan die betrokke staatsaanklaer kennis gegee het dat hy of sy beoog om dit aldus te doen; en

(c) die staatsaanklaer nie binne 28 dae vanaf ontvangs van sodanige kennisgewing, skriftelik verklaar het dat hy of sy beoog om oortreding van die beweerde misdryf te vervolg nie-

(i) daar nie van die persoon wat privaat vervolg, vereis word om 'n sertifikaat voor te lê wat uitgereik is deur die Prokureur-generaal wat verklaar dat hy of sy geweier het om die beskuldigde te vervolg nie; en

(ii) daar nie van die persoon wat privaat vervolg, vereis word om sekuriteit vir sodanige geding te voorsien nie.

(3) Die hof kan 'n persoon wat skuldig bevind is, by 'n private vervolging, wat kragtens subartikel (1) ingestel is, beveel om die kostes en uitgawes van die vervolging, met inbegrip van die koste van enige appèl teen sodanige skuldigbevinding of enige vonnis, te betaal.

(4) Die beskuldigde kan 'n kostebevel verleen word teen die persoon wat privaat vervolg indien die aanklag teen die beskuldigde laat vaar is of die beskuldigde ontslaan is of 'n beslissing op appèl ten gunste van die beskuldigde gegee word en die hof bevind-

(a) of dat die persoon wat die private vervolging instel of voer, nie as gevolg van 'n besorgdheid vir die openbare belang of die belang van die omgewing opgetree het nie;

(b) óf dat sodanige vervolging ongegrond, beuselagtig of kwelsugtig was.

(5) Wanneer 'n private vervolging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet ingestel word, is die Prokureur-generaal, behalwe met verlof van die betrokke hof, belet om te vervolg.

[w107j1998a34]34 Strafregtelike verrigtinge

(1) Wanneer iemand ook al aan 'n misdaad wat kragtens enige bepaling wat in Bylae 3 gelys word, skuldig bevind word, en dit blyk dat sodanige persoon deur daardie misdaad verlies of skade veroorsaak het aan enige staatsorgaan of ander persoon, met inbegrip van die koste wat aangegaan is of wat waarskynlik aangegaan sal word deur 'n staatsorgaan om die omgewing te herstel of skade aan die omgewing te voorkom, kan die hof in dieselfde verrigtinge op die skriftelike versoek van die Minister of ander staatsorgaan of ander betrokke persoon, en in die teenwoordigheid van die persoon wat skuldig bevind is, summier en sonder pleitstukke ondersoek instel na die bedrag van die verlies of skade aldus veroorsaak.

(2) By bewys van sodanige bedrag, gee die hof uitspraak daarvoor ten gunste van die staatsorgaan of ander betrokke persoon teen die persoon wat skuldig bevind is, en sodanige uitspraak het dieselfde krag en uitwerking en is uitvoerbaar op dieselfde wyse asof dit in 'n siviele geding gegee is wat behoorlik voor 'n bevoegde hof ingestel is.

(3) Wanneer iemand ook al skuldig bevind word aan 'n misdaad wat in Bylae 3 gelys is, kan die hof wat sodanige persoon skuldig bevind, summier ondersoek instel na en die geldelike waarde vasstel van enige voordeel wat bekom is of wat waarskynlik bekom staan te word deur sodanige persoon voortspruitend uit sodanige misdaad, en, bykomend tot enige ander straf wat ten opsigte van daardie misdaad opgelê word, kan die hof skadevergoeding of vergoeding toeken of 'n boete oplê gelyk aan die bedrag aldus vasgestel.

(4) Wanneer iemand ook al skuldig bevind word aan 'n misdaad kragtens enige bepaling wat in Bylae 3 gelys is, kan die hof wat sodanige persoon skuldig bevind, by aansoek deur die staatsaanklaer, of 'n ander staatsorgaan, sodanige persoon beveel om die redelike koste, deur die betrokke staatsaanklaer en die staatsorgaan in die ondersoek en vervolging van die misdaad aangegaan, te betaal.

(5) Wanneer ook al enige bestuurder, verteenwoordiger of werknemer enige handeling verrig of nalaat om sodanige handeling te verrig, welke handeling hy of sy namens die werknemer as taak moes doen of hom of haar moes weerhou om te doen, en kragtens 'n bepaling wat in Bylae 3 gelys is, 'n misdaad sou uitmaak vir die werkgewer om te verrig of na te laat om te verrig, en die handeling of versuim van die bestuurder, verteenwoordigers of werknemer plaasgevind het omdat die werkgewer nagelaat het om alle redelike stappe te doen om die handeling of versuim wat ter sprake is, te voorkom, dan is die werkgewer skuldig aan gemelde misdaad en, behalwe dat geen straf anders as 'n boete opgelê mag word nie indien die skuldigbevinding gebaseer is op hierdie subartikel, strafbaar by skuldigbevinding met 'n straf in die betrokke wet vermeld, met inbegrip van 'n bevel kragtens subartikels (2), (3) en (4) en bewys van sodanige handeling of versuim deur 'n bestuurder, verteenwoordiger of werknemer stel prima facie-getuienis daar dat die werkgewer kragtens hierdie subartikels skuldig is.

(6) Wanneer ook al 'n bestuurder, verteenwoordiger of werknemer 'n handeling verrig of versuim om 'n handeling te verrig wat sy of haar taak was om namens die werkgewer te doen of wat hy of sy hom of haar namens die werkgewer van moes weerhou om te doen en wat kragtens 'n bepaling wat in Bylae 3 gelys is, 'n

misdaad sou wees vir die werkgewer om te verrig of na te laat om te verrig, is hy of sy skuldig en strafbaar ten opsigte daarvan asof hy of sy die werkgewer was.

(7) Enigiemand wat 'n direkteur is of was van 'n regspersoon toe daardie regspersoon 'n misdaad gepleeg het kragtens 'n bepaling wat in Bylae 3 gelys is, is self skuldig aan die gemelde misdaad en by skuldigbevinding strafbaar met die straf by die betrokke wet vermeld, met inbegrip van 'n bevel kragtens subartikels (2), (3) en (4), indien die betrokke misdaad die gevolg was van die direkteur se versuim om alle redelike stappe te doen wat onder die omstandighede nodig was om die pleging van die misdaad te voorkom: Met dien verstande dat bewys van die gemelde misdaad deur die regspersoon prima facie-getuienis daarstel dat die direkteur kragtens hierdie subartikel skuldig is.

(8) Enige sodanige bestuurder, verteenwoordiger, werknemer of direkteur kan, bykomend tot die werkgewer of regspersoon, aldus skuldig bevind en gevonnis word.

(9) In subartikels (7) en (8)-

(a) beteken "regspersoon" enige liggaam wat ingevolge enige wet ingelyf is en ook 'n vennootskap; en

(b) beteken "direkteur" 'n lid van die raad, uitvoerende komitee, of ander bestuursliggaam van 'n regspersoon en, in geval van 'n beslote korporasie, 'n lid van daardie beslote korporasie of in geval van 'n vennootskap, 'n lid van daardie vennootskap.

(10) (a) Die Minister kan Deel (a) van Bylae 3 by regulasie wysig.

(b) 'n LUR kan Deel (b) van Bylae 3 met betrekking tot 'n provinsie van sy of haar jurisdiksie, by regulasie wysig.

[LW: Aa. 34A tot en met 34G is ingevoeg deur a. 7 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

HOOFSTUK 8
OMGEWINGSBESTUUR-SAMEWERKINGSOOREENKOMSTE (a 35)

[w107j1998a35]35 Sluiting van ooreenkomste

(1) Die Minister en elke LUR en munisipaliteit kan omgewingsbestuursamewerkingsooreenkomste met enige persoon of gemeenskap aangaan met die doel om nakoming van die beginsels wat in hierdie Wet neergelê is, te bevorder.

(2) Omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste moet-

(a) slegs aangegaan word met die instemming van-

(i) elke staatsorgaan wat jurisdiksie het oor enige werksaamheid ten opsigte waarvan sodanige omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkoms betrekking het;

(ii) die betrokke Minister en LUR;

(b) slegs aangegaan word na nakoming van sodanige prosedures vir openbare deelname wat die Minister mag voorskryf; en

(c) voldoen aan sodanige regulasies as wat kragtens artikel 45 voorgeskryf kan word.

(3) Omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste kan-

(a) 'n onderneming deur die betrokke persoon of gemeenskap bevat om te verbeter op die standaarde wat wetlik neergelê is vir die beskerming van die omgewing wat van toepassing is op die inhoud van die ooreenkoms;

(b) 'n stel meetbare doelwitte bevat ten einde die onderneming in paragraaf (a) te volvoer, met inbegrip van die datums vir die bereiking van sodanige doelwitte;

(c) voorsiening bevat vir-

(i) periodieke monitering en verslagdoening oor uitvoering teenoor doelwitte;

(ii) onafhanklike verifikasie van verslae;

(iii) gereelde onafhanklike kontrolering en inspeksies;

(iv) kontroleerbare aanwysers van die nakoming van enige doelwitte, norme en standaarde wat in die ooreenkoms neergelê is, asook enige verpligtinge wat by wet neergelê is;

(d) die maatreëls wat gedoen staan te word in geval van nie-nakoming van verpligtings ingevolge die ooreenkoms, met inbegrip van strawwe waar gepas vir nie-nakoming en die verskaffing van belonings aan die persoon of gemeenskap.

HOOFSTUK 9
ADMINISTRASIE VAN WET (aa 36-47)

[LW: Die opskrif is vervang deur a. 8 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

[w107j1998a36]36 Onteiening

(1) Die Minister kan eiendom aankoop of, onderhewig aan vergoeding, enige eiendom onteien vir omgewingsdoeleindes- of enige ander doel kragtens hierdie Wet, indien daardie doel 'n openbare doel is of in die openbare belang is.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 110 van Wet 28 van 2002.]

(2) Die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), is van toepassing op alle onteienings kragtens hierdie Wet en enige verwysing na die Minister van Openbare Werke in daardie Wet, moet gelees word as 'n verwysing na die Minister vir doeleindes van sodanige onteiening.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (2), moet die bedrag van vergoeding en die tydstip en wyse van betaling ooreenkomstig artikel 25 (3) van die Grondwet bepaal word, en die eienaar van die eiendom ter sprake moet aangehoor word voordat enige eiendom onteien word.

[w107j1998a37]37 Reservering

Die Minister kan, met die toestemming van die Minister wat gemagtig word om Staatsgrond te vervreem, en na oorlegpleging met enige ander betrokke Minister, staatsgrond vir omgewingsdoeleindes of ander doeleindes kragtens hierdie Wet reserveer, indien daardie doel 'n openbare doel is of in die openbare belang is.

[w107j1998a38]38 Toetrede tot gedingvoering

Die Minister kan in gedingvoering voor 'n hof, in enige aangeleentheid kragtens hierdie Wet, toetree.

[w107j1998a39]39 Ooreenkomste

Die Direkteur-generaal kan ooreenkomste met staatsorgane aangaan ten einde sy of haar verpligtinge te volvoer.

[w107j1998a40]40 Aanstelling van werknemers op kontrak

(1) Die Direkteur-generaal kan werknemers op kontrak buite die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), aanstel wanneer dit nodig is om die werksaamhede van die Departement uit te voer.

(2) Die Direkteur-generaal moet van tyd tot tyd, en na oorlegpleging met die Departement van die Staatsdiens en Administrasie, die diensvoorwaardes van sodanige werknemers bepaal.

(3) Sodanige werknemers word vergoed uit geld wat vir daardie doel deur die Parlement bewillig is.

[w107j1998a41]41 Opdra van bevoegdhede

(1) In hierdie artikel beteken "opdra" 'n opdrag beoog in artikel 99 van die Grondwet.

(2) Die Minister moet alle opdragte bedoel in subartikel (1) in 'n Bylae tot hierdie Wet aanteken en hy of sy kan daardie Bylae wysig.

[w107j1998a42]42 Delegering

(1) Die Minister kan 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig wat by hom of haar berus, delegeer aan-

(a) 'n benoemde amptenaar van die Departement; of

(b) die bekleër van 'n amp in die Departement of, na oorlegpleging met die betrokke Minister of LUR, die bekleër van 'n amp van enige ander nasionale departement, provinsiale administrasie of munisipaliteit.

(2) 'n Delegering bedoel in subartikel (1)-

(a) moet skriftelik wees;

(b) kan aan sekere voorwaardes onderhewig gestel word;

(c) verhoed nie die uitoefening van die bevoegdheid, werksaamheid of plig deur die Minister self nie; en

(d) kan deur die Minister ingetrek word.

(3) Die Direkteur-generaal kan 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig wat by hom of haar kragtens hierdie Wet berus, delegeer aan-

(a) 'n genoemde amptenaar van die Departement;

(b) die bekleër van 'n amp in die Departement;

(c) na oorlegpleging met 'n provinsiale departementshoof, 'n amptenaar in 'n provinsiale administrasie of munisipaliteit.

(4) Die Direkteur-generaal kan 'n persoon aan wie 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig deur hom of haar gedelegeer is, toelaat om daardie bevoegdheid, werksaamheid of plig verder te delegeer.

(5) 'n Delegering bedoel in subartikel (3) en die toestemming bedoel in subartikel (4)-

(a) moet skriftelik wees;

(b) kan aan voorwaardes onderhewig gestel word;

(c) verhoed nie die uitoefening van die bevoegdheid, werksaamheid of plig deur die Direkteur-generaal self nie; en

(d) kan deur die Direkteur-generaal ingetrek word.

[LW: A. 42 is vervang deur a. 9 en 'n a. 42A is ingevoeg deur a. 10 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, bepalings wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

[w107j1998a43]43 Appèlle

(1) Enige persoon wat geraak word, kan na die Minister appelleer teen 'n besluit geneem deur enige persoon handelende kragtens 'n bevoegdheid deur die Minister gedelegeer kragtens hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet.

(2) Enige persoon wat geraak word, kan na die tersaaklike LUR appelleer teen 'n besluit geneem deur enige persoon handelende kragtens 'n bevoegdheid deur die LUR gedelegeer kragtens hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet.

(3) Enige party wat geraak word, kan na die Minister of LUR, na gelang van die geval, appelleer teen-

(a) enige besluit om 'n omgewingsmagtiging uit te reik of te weier om dit uit te reik, of om 'n vrystelling ingevolge Hoofstuk 5 toe te staan;

(b) enige bepaling of voorwaarde van 'n omgewingsmagtiging of vrystelling uitgereik of toegestaan ingevolge Hoofstuk 5;

(c) enige opdrag uitgereik ingevolge Hoofstuk 5.

(4) 'n Appèl kragtens subartikels (1) tot (3) moet aangeteken word en moet gehanteer word op die voorgeskrewe wyse en by betaling van voorgeskrewe gelde.

(5) Die Minister of LUR, na gelang van die geval, kan 'n appèl oorweeg en 'n besluit daaroor neem of 'n appèlpaneel aanstel om die appèl te oorweeg en die Minister of LUR daaroor te adviseer.

(6) Die Minister of LUR kan na oorweging van so 'n appèl die besluit, bepaling, voorwaarde of opdrag bevestig, tersyde stel of wysig of enige ander toepaslike bevel maak, met inbegrip van 'n bevel dat die voorgeskrewe gelde deur die appellant betaal, of enige deel daarvan, terugbetaal moet word.

(7) 'n Appèl kragtens hierdie artikel skort nie 'n omgewingsmagtiging of vrystelling, of enige bepalings of voorwaardes daaraan geheg, of enige opdrag, op nie, tensy die Minister of LUR anders gelas.

[A. 43 vervang by a. 4 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a44]44 Algemene regulasies

(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig-

(a) wat handel met enige aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet by regulasie hanteer moet word;

(aA) om aktiwiteite wat waarskynlik die omgewing kan benadeel, te verbied, beperk of beheer; en

[Par. (aA) ingevoeg by a. 2 van Wet 56 van 2002.]

(b) in die algemeen, om die doelstellings en die bepalings van hierdie Wet uit te voer.

(2) Die Minister kan verskillende regulasies kragtens hierdie Wet uitvaardig met betrekking tot verskillende werksaamhede, provinsies, geografiese gebiede en eienaars of klasse van eienaars van grond.

(3) Die Minister kan by regulasie voorsiening maak dat oortredings van sekere regulasies misdade daarstel en kan strawwe vir sodanige misdade voorskryf.

[w107j1998a45]45 Regulasies vir bestuursamewerkingsooreenkomste

(1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende-

(a) prosedures vir die sluit van omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste, wat openbare deelname moet insluit;

(b) die duur van die ooreenkomste;

(c) vereistes wat verband hou met die verskaffing van inligting;

(d) algemene voorwaardes en verbodsbepalings;

(e) verslagdoeningsprosedures;

(f) kontrolering en inspeksie.

(2) 'n LUR of munisipale raad kan die regulasie wat deur die Minister kragtens subartikel (1) uitgevaardig is, vervang deur hulle eie regulasies of verordeninge, na gelang van die geval: Met dien verstande dat sodanige regulasies of munisipale verordeninge die aangeleenthede in subartikel (1) genoem, moet dek, en die beginsels van hierdie Wet neergelê, moet nakom.

[w107j1998a46]46 Model omgewingsbestuursverordeninge

(1) Die Minister kan model verordeninge uitvaardig wat daarop gemik is om maatreëls in te stel vir die bestuur van omgewingsinwerkings van enige ontwikkeling binne die jurisdiksie van 'n munisipaliteit, en wat deur 'n munisipaliteit as munisipale verordeninge aangeneem kan word.

(2) Enige munisipaliteit kan die Direkteur-generaal versoek om hom by te staan met die voorbereiding van verordeninge oor aangeleenthede wat die omgewing raak en die Direkteur-generaal weier nie sodanige versoek onredelik nie.

(3) Die Direkteur-generaal kan programme instel om munisipaliteite by te staan met die voorbereiding van verordeninge vir doeleindes van die implementering van hierdie Wet.

(4) Die doel van model verordeninge bedoel in subartikel (1) is om-

(a) nadelige omgewingsinwerkings te versag;

(b) die implementering van beslissings wat geneem is, en voorwaardes wat opgelê is as gevolg van die magtiging van nuwe werksaamhede en ontwikkelings, of deur die stel van norme en standaarde met betrekking tot bestaande werksaamhede en ontwikkelings te fasiliteer; en

(c) doeltreffende omgewingsbestuur en bewaring van hulpbronne en inwerkings binne die jurisdiksie van 'n munisipaliteit, in samewerking met ander staatsorgane, te verseker.

(5) Die model verordeninge bedoel in subartikel (1), sluit maatreëls in vir omgewingsbestuur, met inbegrip van-

(a) ouditering, kontrolering en die versekering van nakoming; en

(b) die verslagdoening van vereistes en die verskaffing van inligting.

[w107j1998a47]47 Prosedure vir uitvaardiging van regulasies

(1) Voordat enige regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig word, moet die Minister of LUR-

(a) 'n kennisgewing in die Staatskoerant publiseer wat-

(i) die konsepregulasies uiteensit; en

(ii) skriftelike kommentaar uitnooi wat ten opsigte van die voorgestelde regulasies binne 'n bepaalde tydperk in die kennisgewing vermeld, voorgelê kan word; en

(b) alle kommentaar wat ooreenkomstig paragraaf (a) (ii) ontvang is, oorweeg.

(2) Die Minister moet, binne 30 dae na die afkondiging en publisering van enige regulasies kragtens hierdie Wet, die regulasies in die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies ter tafel lê, en die LUR moet die regulasies in die betrokke provinsiale wetgewer ter tafel lê, of, indien die Parlement of die betrokke

provinsiale wetgewer nie dan in sitting is nie, binne 30 dae na die begin van die eersvolgende sitting van die Parlement of die betrokke provinsiale wetgewer.

(3) tot en met (6) .....

[Sub-aa. (3) tot en met (6) geskrap by a. 5 van Wet 8 van 2004.]

[LW: Aa. 47A tot en met 47D is ingevoeg deur a. 11 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

HOOFSTUK 10
ALGEMENE EN OORGANGSBEPALINGS (aa 48-53)

[w107j1998a48]48 Staat gebonde

Hierdie Wet is bindend op die Staat behalwe vir insoverre dit enige strafregtelike aanspreeklikheid betref.

[w107j1998a49]49 Beperking van aanspreeklikheid

Nóg die Staat nóg enige ander persoon is aanspreeklik vir enige skade of verlies veroorsaak deur-

(a) die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig kragtens hierdie Wet; of

(b) die versuim om enige bevoegdheid uit te oefen, of enige werksaamheid of plig te verrig kragtens hierdie Wet,

tensy die uitoefening van, of versuim om die bevoegdheid uit te oefen, of verrigting of versuim om die plig te verrig, onregmatig, nalatig of te kwader trou was.

[LW: A. 49 is vervang deur a. 12 van die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003, 'n bepaling wat by proklamasie in werking gestel sal word. Kyk PENDLEX.]

[w107j1998a50]50 Herroeping van wette

(1) Artikels 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 14A, 14B, 14C, 15, 27A en 38 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989), word hierby herroep.

(2) Artikels 21, 22 en 26 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989), en die kennisgewings en regulasies uitgereik uit hoofde van artikels 21 en 22 en wat van krag is op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, word herroep met ingang van 'n datum wat deur die Minister in die Staatskoerant gepubliseer staan te word, welke datum nie vroeër mag wees nie as die datum waarop regulasies of kennisgewings uitgevaardig of uitgereik kragtens artikel 24 van hierdie

Wet afgekondig word en die Minister oortuig is dat die regulasies en kennisgewings kragtens artikels 21 en 22 oorbodig geword het.

(3) Enige aansoek ingevolge artikel 21, 22 of 26 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989), wat ingedien is maar nie gefinaliseer is wanneer daardie artikels herroep word nie, moet gefinaliseer word asof daardie artikels nie herroep is nie.

[Sub-a. (3) bygevoeg by a. 6 van Wet 8 van 2004.]

(4) Ten einde te verseker dat die oorgang tussen die regsvereistes van artikel 21, 22 en 26 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989), en die vereistes van hierdie Wet doeltreffend is, kan die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant aktiwiteite lys wat ingesluit is in Goewermentskennisgewing R1182 van 5 September 1997 en wat geldig sal bly totdat 'n LUR 'n lys aktiwiteite vir daardie provinsie promulgeer.

[Sub-a. (4) bygevoeg by a. 6 van Wet 8 van 2004.]

[w107j1998a51]51 Voorbehoude

Enigiets wat gedoen is of wat geag word gedoen te gewees het kragtens 'n bepaling wat by hierdie Wet herroep is-

(a) bly van krag in die mate dat dit bestaanbaar is met hierdie Wet totdat enigiets gedoen kragtens hierdie Wet dit omverwerp; en

(b) word behoudens paragraaf (a), geag 'n handeling kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet te wees.

[w107j1998a52]52 Kort titel

Hierdie Wet heet die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998.

[w107j1998a53]53 Inwerkingtreding

Hierdie Wet tree in werking op 'n datum wat deur die President by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal word.

Bylae 1

Artikel 11 (1)

Nasionale departemente wat werksaamhede verrig wat die omgewing kan raak

* Departement van Omgewingsake en Toerisme

* Departement van Grondsake

* Departement van Landbou

* Departement van Behuising

* Departement van Handel en Nywerheid

* Departement van Waterwese en Bosbou

* Departement van Vervoer

* Departement van Verdediging

Bylae 2

Artikel 11 (2)

Nasionale departemente wat werksaamhede verrig waarby die bestuur van die omgewing betrokke is

* Departement van Omgewingsake en Toerisme

* Departement van Waterwese en Bosbou

* Departement van Minerale en Energie

* Departement van Grondsake

* Departement van Gesondheid

* Departement van Arbeid

Bylae 3

(Artikel 34)

Deel (a): Nasionale Wetgewing

[Deel (a) vervang by a. 8 van Wet 8 van 2004.]

No. en jaar van wet	Kort titel	Tersaaklike bepalings
Wet 36 van 1947	Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947	Artikel 18 (1) (i) vir sover dit betrekking het op oortredings van artikels 7 en 7bis
Wet 71 van 1962	Dierebeskermingswet, 1962	Artikels 2 (1) en 2A
Wet 45 van 1965	Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965	Artikel 9
Wet 63 van 1970	Wet op Bergopvanggebiede, 1970	Artikel 14 vir sover dit betrekking het op oortredings van artikel 3
Wet 15 van 1973	Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973	Artikel 19 (1) (a) en (b) vir sover dit betrekking het op oortredings van artikels 3 en 3A

Wet 63 van 1977	Wet op Gesondheid, 1977	Artikel 27
Wet 73 van 1980	Wet op Beheer van Storting ter See, 1980	Artikel 2 (1) (a) en (b)
Wet 6 van 1981	Wet op Mariene Besoedeling (Beheer en Siviele Aanspreeklikheid), 1981	Artikel 2 (1)
Wet 43 van 1983	Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983	Artikels 6 en 7
Wet 2 van 1986	Wet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling deur Skepe), 1986	Artikel 3A
Wet 73 van 1989	Wet op Omgewingsbewaring, 1989	Artikel 29 (2) (a) en (4)
Wet 18 van 1998	Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998	Artikel 58 (1) vir sover dit betrekking het op oortredings van artikel 43 (2), 45, en 47, en artikel 58 (2) vir sover dit betrekking het op oortredings van internasionale bewarings- en bestuursmaatreëls
Wet 36 van 1998	Nasionale Waterwet, 1998	Artikel 151 (i) en (j)

Deel (b): Provinsiale Wetgewing

No. en jaar van wet	Kort titel	Relevante bepalings
Ordonnansie 8 van 1969	Oranje-Vrystaat Bewaring	Artikel 40 (1) (a) in soverre dit betrekking het op oortredings van artikels 2 (3), 14 (2), 15 (a), 16 (a) en 33
Ordonnansie 9 van 1969	Oranje-Vrystaat Dorpsgebiede	Artikel 40 (1) (a) (ii)
Ordonnansie 15 van 1974	Natal Natuurbewaringsordonnansie	Artikel 55 in soverre dit betrekking het op artikel 37 (1), op artikel 49 met betrekking tot spesiaal beskermde wild en op artikel 51 met betrekking tot spesiaal beskermde wild, artikel 109 in soverre dit betrekking het op artikel 101, op 102 en opartikel 104, artikel 154 in soverre dit betrekking het op artikel 152; artikel 185 in soverre dit betrekking het op artikel 183, en artikel 208 in soverre dit betrekking het op artikel 194 en op artikel 200
Ordonnansie 19 van 1974	Kaap Natuur- en Omgewingsbewaring	Artikel 86 (1) in soverre dit betrekking het op oortredings van artikels 26, 41 (1) (b) (ii) en (c)-(e), 52 (a), 57 (a), 58 (b) en 62 (1)
Ordonnansie 12 van 1983	Transvaal Natuurbewaring	Artikels 16A, 42, 84, 96 en 98
Ordonnansie 15 van 1985	Kaap Grondgebruikbeplanning	Artikel 46 (1) in soverre dit betrekking het op oortredings van artikels 23 (1) en 39 (2)
Ordonnansie 15 van 1986	Transvaal Dorpsbeplanning en Dorpe	Artikels 42, 93 en 115
Wet 5 van 1998	KwaZulu Beplanning en Ontwikke-ling	Artikel 48
Wet 29 van 1992	KwaZulu Omgewingsbewaring	Artikel 67 in soverre dit betrekking het op artikels 59 (1), 59 (2), 60 (1) en 62 (1); artikel 86 in soverre dit betrekking het op artikels 76, 77 en 82; en artikel 110 in soverre dit betrekking het op artikel 109

PENDLEX: Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998 na wyisiging deur die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur 46 van 2003

Lang titel

WET

Om voorsiening te maak vir samewerkende omgewingsbestuur deur die daarstelling van beginsels vir die besluitneming oor aangeleenthede rakende die omgewing, instellings wat samewerkende bestuur sal bevorder en prosedures vir die koördinering van omgewingswerksaamhede wat deur staatsorgane uitgeoefen word; om voorsiening te maak vir sekere aspekte van die administrasie en afdwinging van ander omgewingsbestuurswette; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Artikel 1 - woordomskrywings

"delegasie" met betrekking tot 'n plig, ook 'n instruksie om die plig uit te voer;

"lugvaartuig" enige soort vaartuig in die lug, hetsy selfaangedrewe of nie, en ook 'n skeertuig;

"omgewingsbestuursinspekteur" 'n persoon wat ingevolge artikel 31B of 31C as 'n omgewingsbestuursinspekteur aangewys is;

"spesifieke omgewingsbestuurswette"-

(i) die "National Environmental Management: Biodiversity Act, 2003"; en

(ii) die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003",

en sluit enige regulasies of ander ondergeskikte wetgewing in wat kragtens enige van hierdie Wette uitgevaardig is;

"vaartuig" enige soort vaartuig op die water, hetsy selfaangedrewe of nie, maar nie ook enige drywende struktuur wat vasgemeer is en wat nie gebruik word as 'n middel om enigiets per water te vervoer nie;

Hoofstuk 7, Deel 1 - opskrif

Omgewingsgevare, toegang tot inligting en beskerming van verklikkers

Hoofstuk 7, Deel 2 - opskrif - geskrap

Hoofstuk 7, Deel 2 - Toepassing en afdwinging van Wet en spesifieke omgewingsbestuurswette

31A Toepassing

(1) Hierdie Deel is van toepassing op die afdwinging van hierdie Wet en die spesifieke omgewingsbestuurswette.

(2) In hierdie Deel, tensy onbestaanbaar met die samehang, het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in 'n spesifieke omgewingsbestuurswet geheg is, met betrekking tot die administrasie of afdwinging van daardie Wet, die betekenis wat in daardie Wet daaraan geheg is.

(3) By die toepassing van hierdie Deel, word Bylae 1 by die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), geag 'n oortreding in te sluit wat begaan is ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet.

31B Aanwysing van omgewingsbestuursinspekteurs deur Minister

(1) Die Minister kan-

(a) as 'n omgewingsbestuursinspekteur aanwys enige persoon wat 'n personeellid is van-

(i) die Departement; of

(ii) enige ander staatsorgaan; en

(b) 'n aanwysing ingevolge paragraaf (a) gedoen te eniger tyd intrek.

(2) 'n Aanwysing ingevolge subartikel (1) (a) (ii) kan slegs by ooreenkoms tussen die Minister en die betrokke staatsorgaan gedoen word.

31C Aanwysing van omgewingsbestuursinspekteurs deur LUR

(1) 'n LUR kan-

(a) as 'n omgewingsbestuursinspekteur aanwys enige persoon wat 'n personeellid is van-

(i) die departement verantwoordelik vir omgewingsbestuur in die provinsie;

(ii) enige ander provinsiale staatsorgaan; of

(iii) enige munisipaliteit in die provinsie; en

(b) 'n aanwysing ingevolge paragraaf (a) gedoen te eniger tyd terugtrek.

(2) 'n Aanwysing ingevolge subartikel (1) (a) (ii) of (iii) kan slegs by ooreenkoms tussen die betrokke LUR en die betrokke provinsiale staatsorgaan of munisipaliteit gedoen word.

31D Mandate

(1) Wanneer 'n persoon as 'n omgewingsbestuursinspekteur aangewys word, moet die Minister of LUR, behoudens subartikel (2), bepaal of die betrokke persoon aangewys word vir die afdwinging van-

(a) hierdie Wet;

(b) 'n spesifieke omgewingsbestuurswet;

(c) spesifieke bepalings van hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet;

(d) hierdie Wet en alle spesifieke omgewingsbestuurswette; of

(e) enige kombinasie van daardie Wette of bepalings van daardie Wette.

(2) 'n LUR kan 'n persoon as 'n omgewingsbestuursinspekteur aanwys vir die afdwinging van slegs daardie bepalings van hierdie Wet of enige spesifieke omgewingsbestuurswet-

(a) wat deur die LUR of 'n provinsiale staatsorgaan geadministreer word; of

(b) ten aansien waarvan die LUR of 'n provinsiale staatsorgaan bevoegdhede uitoefen of pligte uitvoer wat opgedra of gedelegeer is.

(3) 'n Persoon wat as omgewingsbestuursinspekteur aangewys is, kan enige van die bevoegdhede uitoefen wat ingevolge hierdie Wet aan omgewingsbestuursinspekteurs verleen word wat nodig is vir die inspekteur se mandaat ingevolge subartikel (1), en soos by skriftelike kennisgewing deur die Minister of LUR aan die inspekteur gespesifiseer word.

31E Voorgeskrewe standaarde

(1) Die Minister kan-

(a) kwalifikasiekriteria vir omgewingsbestuursinspekteurs voorskryf; en

(b) opleiding voorskryf wat omgewingbestuursinspekteurs moet ondergaan.

(2) Die Minister kan slegs na oorlegpleging met die Minister verantwoordelik vir veiligheid en sekuriteit kriteria en opleiding ingevolge subartikel (1) voorskryf.

31F Bewys van aanwysing

(1) 'n Voorgeskrewe identiteitskaart moet uitgereik word aan elke persoon wat as omgewingsbestuursinspekteur aangewys is.

(2) 'n Omgewingsbestuursinspekteur moet tydens die uitoefening van enige bevoegdhede of die uitvoering van enige pligte ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, op versoek van 'n lid van die publiek, die identiteitskaart en die kennisgewing toon wat ingevolge artikel 31D (3) aan die inspekteur uitgereik is.

31G Werksaamhede van inspekteurs

(1) 'n Omgewingsbestuursinspekteur, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D-

(a) moet voldoening aan wetgewing waarvoor hy of sy ingevolge daardie artikel aangewys is, moniteer en afdwing; of

(b) kan ondersoek instel na enige handeling of late ten aansien waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit mag neerkom op-

(i) 'n oortreding ingevolge sodanige wetgewing;

(ii) 'n verbreking van sodanige wetgewing; of

(iii) 'n verbreking van 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument ingevolge sodanige wetgewing uitgereik.

(2) 'n Omgewingsbestuursinspekteur-

(a) moet sy of haar pligte nakom en sy of haar bevoegdhede uitoefen-

(i) ooreenkomstig enige instruksies wat deur die Minister of LUR, na gelang van die geval, uitgereik word; en

(ii) behoudens enige beperkings en ooreenkomstig enige prosedures wat voorgeskryf word; en

(b) kan vergesel word deur 'n tolk of enige ander persoon wie se bystand redelikerwys nodig is; en

(c) moet sy of haar bevoegdhede uitoefen op 'n wyse wat enige skade aan, verlies of agteruitgang van enige perseel of ding tot die minimum beperk.

31H Algemene bevoegdhede

(1) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D-

(a) 'n persoon ondervra oor enige handeling of late ten aansien waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit mag neerkom op-

(i) 'n oortreding ingevolge wetgewing waarvoor daardie inspekteur ingevolge daardie artikel aangewys is;

(ii) 'n verbreking van sodanige wetgewing; of

(iii) 'n verbreking van 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument wat ingevolge sodanige wetgewing uitgereik is;

(b) 'n skriftelike kennisgewing uitreik aan 'n persoon wat weier om vrae ingevolge paragraaf (a) te beantwoord, wat daardie persoon versoek om vrae wat ingevolge daardie paragraaf aan hom of haar gestel word, te beantwoord;

(c) enige dokument, boek of rekord of enige skriftelike of elektroniese inligting inspekteer, of 'n persoon ondervra oor enige dokument, boek of rekord of enige skriftelike of elektroniese inligting-

(i) wat ter sake mag wees vir die doel van paragraaf (a); of

(ii) waarop hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet betrekking het;

(d) 'n afdruk maak van, of uittreksels maak uit, enige dokument, boek of rekord of enige skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf (c), of sodanige dokument, boek, rekord, of enige skriftelike of elektroniese inligting verwyder om afdrukke of uittreksels te maak;

(e) 'n persoon versoek om enige dokument, boek of rekord of enige skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf (c), vir inspeksie te toon of te besorg op 'n plek deur die inspekteur aangedui;

(f) enige monster, voorwerp, stof of ander item inspekteer, 'n persoon daaroor ondervra, en, indien nodig, verwyder, indien daardie monster, voorwerp, stof of ander item, by redelike verdenking, gebruik kon gewees het in verband met-

(i) die pleging van 'n misdryf ingevolge die wetgewing waarvoor daardie inspekteur ingevolge artikel 31D aangewys is;

(ii) die verbreking van sodanige wetgewing; of

(iii) die verbreking van 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument ingevolge sodanige wetgewing uitgereik;

(g) foto's neem of oudio-visuele opnames maak van enigiets of enige persoon wat ter sake is vir die doeleindes van 'n ondersoek;

(h) in die grond grawe of boor;

(i) voorbeelde neem;

(j) enige afval of ander stof verwyder wat in stryd met die wetgewing waarvoor daardie inspekteur ingevolge artikel 31D aangewys is of 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument wat ingevolge sodanige wetgewing uitgereik is, gestort of uitgelaat is; of

(k) enige ander voorgeskrewe plig uitvoer wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, asook enige ander plig wat ingevolge 'n spesifieke omgewingsbestuurswet voorgeskryf mag word.

(2) 'n Skriftelike kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) (b) moet in die voorgeskrewe formaat wees en moet 'n persoon versoek om gespesifiseerde vrae hetsy mondelings of skriftelik, en hetsy alleen of in die teenwoordigheid van 'n getuie, te beantwoord, en kan versoek dat vrae onder eed of bevestiging beantwoord moet word.

(3) 'n Persoon wat 'n skriftelike kennisgewing ingevolge subartikel (1) (b) ontvang, moet alle vrae aan hom of haar gestel eerlik en na die beste van sy of haar vermoë beantwoord, ondanks die feit dat 'n antwoord hom of haar mag inkrimineer, maar enige antwoord wat daardie persoon inkrimineer, mag nie teen hom of haar gebruik word in enige daaropvolgende strafregtelike verrigtinge vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet nie.

(4) 'n Omgewingsbestuursinspekteur moet-

(a) 'n kwitansie voorsien vir-

(i) enige dokument, boek, rekord of skriftelike of elektroniese inligting wat ingevolge subartikel (1) (d) verwyder word; of

(ii) enige monster, voorwerp, stof of ander item wat ingevolge subartikel (1) (f) verwyder word; en

(b) enigiets wat verwyder is binne 'n redelike tyd of, behoudens artikel 34D, by afhandeling van enige tersaaklike strafregtelike verrigtinge, terugbesorg.

(5) Benewens die bevoegdhede in hierdie Deel vervat, beskik 'n omgewingsbestuursinspekteur, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D, oor al die bevoegdhede wat ingevolge Hoofstukke 2, 5, 7 en 8 van die Strafproseswet, 1977, verleen word aan 'n polisiebeampte wat nie 'n offisier is nie.

31I Beslaglegging op goedere

(1) Die bepalings van artikels 30 tot 34 van die Strafproseswet, 1977, is, behoudens sodanige aanpassings as wat die samehang vereis, van toepassing op die beskikking oor enigiets waarop ingevolge hierdie Deel beslag gelê is.

(2) Wanneer daar ingevolge hierdie Deel op 'n artikel beslag gelê word, kan die omgewingsbestuursinspekteur die persoon wat onmiddellik voor die beslaglegging

op die artikel in beheer daarvan was, versoek om dit na 'n plek te neem wat deur die inspekteur aangewys word, en indien die persoon weier om die artikel na die aangewese plek te neem, kan die inspekteur dit doen.

(3) Die omgewingbestuursinspekteur kan 'n voertuig, vaartuig of lugvaartuig waarop beslag gelê is, immobiliseer deur 'n onderdeel daarvan te verwyder, ten einde dit te beveilig.

(4) 'n Artikel waarop ingevolge hierdie artikel beslag gelê is, met inbegrip van 'n onderdeel van 'n voertuig, vaartuig of lugvaartuig bedoel in subartikel (3), moet op so 'n wyse bewaar word dat dit teen skade beveilig word.

(5) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan-

(a) in die geval van 'n monster van 'n bedreigde of beskermde spesie of uitheemse spesie wat in die Republiek ingevoer word, die persoon wat verantwoordelik is vir die invoer, of daardie persoon se agent, by die inklaringshawe versoek om die oorspronklike afskrifte van die invoerpermit, saam met sodanige ander dokumentasie wat vereis mag word, te toon; en

(b) in die geval van 'n monster van 'n bedreigde of beskermde spesie wat uit die Republiek uitgevoer of heruitgevoer word, die persoon wat verantwoordelik is vir die uitvoer of heruitvoer, of daardie persoon se agent, by die uitvoerhawe versoek om die oorspronklike afskrif van die uitvoer- of heruitvoerpermit, saam met sodanige ander dokumentasie wat vereis mag word, te toon.

31J Bevoegdhede om voertuie, vaartuie en lugvaartuie te stop, te betree en te deursoek

(1) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D, sonder 'n lasbrief enige voertuig, vaartuig of lugvaartuig betree en deursoek, of enige pakdier deursoek, by redelike verdenking dat daardie voertuig, vaartuig, lugvaartuig of pakdier-

(a) gebruik word of gebruik is om, of enigiets bevat of vervoer wat gebruik word of gebruik is om-

(i) 'n misdryf te begaan ingevolge die wetgewing waarvoor daardie inspekteur ingevolge artikel 31D aangewys is; of

(ii) 'n verbreking van sodanige wetgewing of 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument wat ingevolge sodanige wetgewing uitgereik is, te begaan; of

(b) 'n voorwerp bevat of vervoer wat as bewys van sodanige misdryf of verbreking mag dien.

(2) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, sonder 'n lasbrief, beslag lê op enigiets in of op enige voertuig, vaartuig, lugvaartuig of pakdier wat as

bewysmateriaal gebruik kan word in die vervolging van enige persoon vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet.

(3) Die bepalings van artikel 31I is, behoudens die aanpassings wat die samehang vereis, van toepassing op enigiets waarop ingevolge subartikel (2) beslag gelê is.

(4) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, ten einde aan subartikel (1) uitvoering te gee, te eniger tyd, en sonder 'n lasbrief-

(a) die bestuurder van 'n voertuig of vaartuig gelas om te stop, of die vlieënier van 'n lugvaartuig gelas om te land; of

(b) indien nodig en moontlik, die bestuurder of vlieënier dwing om te stop of te land, na gelang van die geval.

(5) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan enige van die bevoegdhede genoem in artikel 31H op of met betrekking tot sodanige voertuig, vaartuig of lugvaartuig uitoefen.

(6) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan by die Nasionale of Provinsiale Kommissaris van Polisie aansoek doen om skriftelike magtiging ingevolge artikel 13 (8) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet 68 van 1995), om 'n padblokkade of 'n kontrolepunt op te rig.

(7) 'n Omgewingsbestuursinspekteur beskik, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D, oor al die bevoegdhede van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens ingevolge artikel 13 (8) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995.

31K Roetine inspeksies

(1) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D, en behoudens subartikel (2), te enige redelike tyd sonder 'n lasbrief, enige gebou, stuk grond of perseel betree en inspekteer ten einde vas te stel of daar voldoen is aan-

(a) die wetgewing waarvoor daardie inspekteur ingevolge artikel 31D aangewys is; of

(b) 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument wat ingevolge sodanige wetgewing uitgereik is.

(2) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D, met 'n lasbrief ingevolge subartikel (3) verkry, maar behoudens subartikel (4), enige residensiële perseel betree en inspekteer ten einde vas te stel of daar voldoen is aan-

(a) die wetgewing met die oog waarop daardie inspekteur ingevolge artikel 31D aangewys is; of

(b) 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument wat ingevolge sodanige wetgewing uitgereik is.

(3) 'n Landdros kan 'n lasbrief bedoel in subartikel (2) slegs uitreik op skriftelike aansoek van 'n omgewingsbestuursinspekteur wat onder eed of bevestiging moet vermeld dat dit noodsaaklik is om die vermelde residensiële perseel te betree en te inspekteer ten einde vas te stel of daar voldoen is aan die Wette waarvoor daardie inspekteur ingevolge artikel 31D aangewys is.

(4) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan ingevolge subartikel (2) enige residensiële perseel sonder 'n lasbrief betree en inspekteer, maar slegs indien-

(a) die persoon in beheer van die perseel tot die betreding en inspeksie toestem; of

(b) daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n lasbrief op aansoek uitgereik sou word, maar dat die vertraging wat veroorsaak mag word deur die aansoek vir 'n lasbrief, die doel van die betreding of inspeksie sal verydel.

(5) Wanneer 'n roetine inspeksie uitgevoer word, kan 'n omgewingsbestuursinspekteur beslag lê op enigiets of op enige besigheids- of residensiële perseel of stuk grond wat as getuienis gebruik kan word in die vervolging van enige persoon vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet.

(6) Die bepalings van artikel 31I is, behoudens die aanpassings wat die samehang vereis, van toepassing op enigiets waarop ingevolge subartikel (5) beslag gelê is.

(7) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan enige van die bevoegdhede in artikel 31H genoem op sodanige besigheids- of residensiële perseel of stuk grond uitoefen.

31L Bevoegdheid om voldoeningskennisgewings uit te reik

(1) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan, binne sy of haar mandaat ingevolge artikel 31D, 'n voldoeningskennisgewing in die voorgeskrewe formaat en ooreenkomstig 'n voorgeskrewe prosedure uitreik, indien daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n persoon nie voldoen het nie-

(a) aan 'n bepaling van die wetgewing waarvoor daardie inspekteur ingevolge artikel 31D aangewys is; of

(b) aan 'n bepaling of voorwaarde van 'n permit, magtiging of ander dokument wat ingevolge sodanige wetgewing uitgereik is.

(2) 'n Voldoeningskennisgewing moet die volgende vermeld-

(a) besonderhede van die optrede wat nie-voldoening uitmaak;

(b) enige stappe wat die persoon moet doen asook die tydperk waarbinne daardie stappe gedoen moet word;

(c) enigiets wat die persoon nie mag doen nie, asook die tydperk waarbinne die persoon dit nie mag doen nie; en

(d) die prosedure wat gevolg moet word by die voorlegging van 'n beswaar teen die voldoeningskennisgewing aan die Minister of LUR, na gelang van die geval.

(3) 'n Omgewingsbestuursinspekteur kan op goeie gronde 'n voldoeningskennisgewing wysig en die tydperk waarbinne 'n persoon aan die kennisgewing moet voldoen, verleng.

(4) 'n Persoon wat 'n voldoeningskennisgewing ontvang, moet aan daardie kennisgewing voldoen binne die tydperk vermeld in die kennisgewing, tensy die Minister of LUR toestem om die werking van die voldoeningskennisgewing ingevolge subartikel (5) op te skort.

(5) 'n Persoon wat 'n voldoeningskennisgewing ontvang en wat ingevolge artikel 31M 'n beswaar wil voorlê, kan vertoë rig tot die Minister of LUR, na gelang van die geval, om die werking van die voldoeningskennisgewing hangende die afhandeling van die beswaar op te skort.

31M Besware teen voldoeningskennisgewing

(1) Enige persoon wat ingevolge artikel 31L 'n voldoeningskennisgewing ontvang, kan beswaar aanteken teen die kennisgewing deur skriftelik vertoë aan die Minister of die LUR, na gelang van die geval, te rig binne 30 dae na ontvangs van die kennisgewing, of binne die langer tydperk wat die Minister of LUR bepaal.

(2) Na oorweging van enige vertoë ingevolge subartikel (1) gerig en enige ander tersaaklike inligting-

(a) kan die Minister of LUR, na gelang van die geval, 'n kennisgewing of enige deel van 'n kennisgewing bekragtig, wysig of intrek; en

(b) moet die Minister of LUR, na gelang van die geval, die tydperk aandui waarbinne die persoon wat die kennisgewing ontvang het, moet voldoen aan enige deel van die kennisgewing wat bekragtig of gewysig is.

31N Versuim om te voldoen aan voldoeningskennisgewing

(1) 'n Persoon wat versuim om aan 'n voldoeningskennisgewing te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Indien 'n persoon versuim om aan 'n voldoeningskennisgewing te voldoen, moet die omgewingsbestuursinspekteur die nie-voldoening rapporteer aan die Minister of LUR, na gelang van die geval, en die Minister of LUR kan-

(a) die betrokke permit, magtiging of ander dokument wat die onderwerp van die voldoeningskennisgewing is, intrek of wysig;

(b) enige noodsaaklike stappe doen en die koste daarvan verhaal van die persoon wat versuim het om te voldoen; en

(c) die aangeleentheid aan 'n Direkteur van Openbare Vervolgings rapporteer.

31O Bevoegdhede van lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens

(1) 'n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens beskik, met betrekking tot 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, oor al die bevoegdhede van 'n omgewingsbestuursinspekteur ingevolge hierdie Deel, behalwe die bevoegdheid om roetine inspeksies ingevolge artikel 31K te doen en die bevoegdheid om voldoeningskennisgewings ingevolge artikel 31L tot 31O uit te reik en af te dwing.

(2) Ondanks subartikel (1) kan die Minister of LUR, na gelang van die geval, met die instemming van die Minister verantwoordelik vir veiligheid en sekuriteit, by skriftelike kennisgewing aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, aan daardie lid al die bevoegdhede beoog in artikel 31K tot 31O verleen.

31P Plig om dokumente te toon

Enige persoon aan wie 'n permit, lisensie, toestemming, sertifikaat, magtiging of enige ander dokument ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet uitgereik is, moet daardie dokument op versoek van 'n omgewingsbestuursinspekteur toon.

31Q Vertroulikheid

(1) Dit is 'n misdryf vir enige persoon om inligting oor enige ander persoon bekend te maak indien daardie inligting bekom is tydens die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoer van enige plig ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, behalwe-

(a) indien die inligting ter voldoening aan die bepalings van enige wet bekendgemaak word;

(b) indien die persoon deur 'n hof gelas word om die inligting bekend te maak;

(c) indien die inligting bekendgemaak word om 'n persoon in staat te stel om 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet uit te voer; of

(d) vir die doeleindes van regspleging.

(2) 'n Persoon wat ingevolge hierdie artikel aan 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

Hoofstuk 7, Deel 3 - opskrif

Geregtelike aangeleenthede

Artikel 32 (1) - woorde wat par. (a) voorafgaan

Enige persoon of groep persone kan gepaste regshulp aanvra met betrekking tot enige oortreding of dreigende oortreding van enige bepaling van hierdie Wet, met inbegrip van 'n beginsel in Hoofstuk 1 vervat, of van enige bepaling van 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, of van enige ander statutêre bepaling rakende die beskerming van die omgewing of die benutting van natuurlike hulpbronne-

Artikel 32 (2)

'n Hof kan besluit om nie koste teen 'n persoon of groep persone toe te ken wat nie daarin slaag nie om die regshulp te verkry wat aangevra word met betrekking tot enige oortreding of dreigende oortreding van enige bepaling van hierdie Wet, met inbegrip van 'n beginsel vervat in Hoofstuk 1, of van enige bepaling van 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, of van enige ander statutêre bepaling rakende die beskerming van die omgewing of die benutting van natuurlike hulpbronne nie, indien die hof van oordeel is dat die persoon of groep persone redelik opgetree het as gevolg van 'n besorgdheid vir die openbare belang of in die belang van die beskerming van die omgewing en behoorlike pogings aangewend het om ander wyses wat redelik beskikbaar is, te benut om die verlangde regshulp te verkry.

Artikel 32 (3) - woorde wat par. (a) voorafgaan

Waar 'n persoon of groep persone die verlangde regshulp verkry het met betrekking tot enige oortreding of dreigende oortreding van enige bepaling van hierdie Wet, of van enige bepaling van 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, of van enige ander statutêre bepaling rakende die beskerming van die omgewing, kan 'n hof op aansoek.

Artikel 34A - Misdrywe met betrekking tot omgewingsbestuursinspekteurs

(1) 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon-

(a) 'n omgewingsbestuursinspekteur belemmer in die uitvoer van daardie inspekteur se amptelike pligte of daarmee inmeng;

(b) voorgee om 'n omgewingsbestuursinspekteur, of die tolk of assistent van sodanige inspekteur, te wees;

(c) vals of misleidende inligting verskaf wanneer daar voldoen word aan 'n versoek van 'n omgewingsbestuursinspekteur; of

(d) versuim om te voldoen aan 'n versoek van 'n omgewingsbestuursinspekteur.

(2) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (1) aan 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

Artikel 34B - Toekenning van deel van boete verhaal aan informant

(1) 'n Hof wat 'n boete oplê vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, kan gelas dat 'n bedrag van nie meer nie as 'n kwart van die boete betaal moet word aan die persoon wie se getuienis aanleiding gegee het tot die skuldigbevinding of wat bygedra het om die oortreder tot verantwoording te bring.

(2) 'n Persoon in diens van 'n staatsorgaan of wat betrokke is by die uitvoering van hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet is nie geregtig op sodanige toekenning nie.

Artikel 34C - Intrekking van permitte

(1) Die hof wat 'n persoon aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet skuldig bevind, kan-

(a) enige permit of ander magtiging ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet aan daardie persoon uitgereik, intrek indien die regte wat deur die permit of magtiging verleen word deur daardie persoon misbruik is;

(b) daardie persoon onbevoeg verklaar om 'n permit of ander magtiging te bekom vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar; en

(c) 'n bevel uitreik dat alle bevoegde owerhede wat gemagtig is om permitte of ander magtigings uit te reik, in kennis gestel word van enige onbevoegdheid ingevolge paragraaf (b).

Artikel 34D - Verbeuring van goedere

(1) Die hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, kan verklaar dat enige artikel met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, enige monster, houer, voertuig, vaartuig, lugvaartuig of dokument wat gebruik is met die oog op of in verband met die pleging van 'n misdryf en waarop beslag gelê is kragtens die bepalings van hierdie Deel, aan die Staat verbeur word.

(2) Die bepalings van artikel 35 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), is, behoudens die aanpassings wat die samehang vereis, van toepassing op die verbeuring van enige artikel ingevolge subartikel (1).

(3) Die Minister moet toesien dat enige monster wat ingevolge subartikel (1) aan die Staat verbeur is-

(a) na die land van uitvoer of oorsprong, soos toepaslik, teruggestuur word op koste van die persoon wat skuldig bevind is aan die misdryf waarby daardie monster betrokke was;

(b) in bewaring gegee word by 'n geskikte instelling, versameling of museum, indien-

(i) die monster duidelik gemerk is as 'n monster waarop beslag gelê is; en

(ii) die persoon wat aan die misdryf skuldig bevind is, nie voordeel trek of wins maak uit sodanige bewaargewing nie; en

(c) op 'n ander gepaste manier andersins mee gehandel word.

Artikel 34E - Behandeling van lewende monsters waarop beslag gelê is

'n Lewende monster waarop ingevolge hierdie Deel beslag gelê is, moet, hangende die instel van strafregtelike verrigtinge ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, of hangende die afhandeling van sodanige verrigtinge, in bewaring gegee word by 'n geskikte instelling, reddingsentrum of fasiliteit wat in staat en gewillig is om daardie monster te huisves en behoorlik daarna om te sien.

Artikel 34F - Sekuriteit vir teruggawe van voertuie, vaartuie of lugvaartuie

(1) Indien daar ingevolge hierdie Wet beslag gelê is op 'n voertuig, vaartuig of lugvaartuig en dit vir doeleindes van strafregtelike verrigtinge in bewaring gehou word, kan die eienaar of agent van die eienaar te eniger tyd by 'n hof aansoek doen om die teruggawe van die voertuig, vaartuig of lugvaartuig.

(2) 'n Hof kan by die stel van sekuriteit soos deur die hof bepaal, die teruggawe van die voertuig, vaartuig of lugvaartuig gelas.

(3) Die bedrag van die sekuriteit moet ten minste gelyk wees aan die totaal van-

(a) die markwaarde van die voertuig, vaartuig of lugvaartuig;

(b) die maksimum boete wat 'n hof ten opsigte van die beweerde misdryf kan oplê; en

(c) onkoste en uitgawes wat in verband staan met die vervolging van die misdryf, wat deur die Staat aangegaan is of redelikerwys in die vooruitsig gestel word, en wat ingevolge hierdie Wet verhaalbaar is.

(4) Indien die hof oortuig is dat daar omstandighede bestaan wat 'n mindere sekuriteitsbedrag regverdig, kan die hof die teruggawe van die voertuig, vaartuig of lugvaartuig gelas onderhewig aan die stel van sekuriteit vir sodanige mindere bedrag.

Artikel 34G - Skulderkenningsboetes

(1) Die Minister kan misdrywe ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet ten aansien waarvan beweerde oortreders 'n voorgeskrewe skulderkenningsboete kan betaal in plaas daarvan om deur 'n hof vir die misdryf verhoor te word, by regulasie spesifiseer.

(2) 'n Omgewingsbestuursinspekteur wat rede het om te glo dat 'n persoon 'n misdryf gepleeg het wat ingevolge subartikel (1) gespesifiseer is, kan 'n skriftelike kennisgewing bedoel in artikel 56 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), aan die beweerde oortreder uitreik.

(3) Die bedrag van die boete aangedui in die kennisgewing bedoel in subartikel (2) mag nie die bedrag oorskry nie wat-

(a) voorgeskryf is vir die misdryf; en

(b) 'n hof waarskynlik onder die omstandighede sou oplê.

(4) Die bepalings van artikels 56, 57 en 57A van die Strafproseswet, 1977, is, behoudens die aanpassings wat die samehang vereis, van toepassing op skriftelike kennisgewings en skulderkenningsboetes bedoel in hierdie artikel.

Hoofstuk 9 - opskrif

ADMINISTRASIE VAN WET EN SPESIFIEKE OMGEWINGSBESTUURSWETTE

Artikel 42 - Delegering van bevoegdhede en pligte deur Minister en Direkteur-generaal

(1) Die Minister kan 'n bevoegdheid of plig wat ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet by hom of haar berus, delegeer aan-

(a) die Direkteur-generaal;

(b) 'n LUR, by ooreenkoms met die LUR;

(c) die bestuursowerheid van 'n beskermde gebied; of

(d) enige staatsorgaan, by ooreenkoms met daardie staatsorgaan.

(2) 'n Delegering bedoel in subartikel (1)-

(a) moet skriftelik wees;

(b) kan aan sekere voorwaardes onderhewig gestel word;

(c) verhoed nie die uitoefening van die bevoegdheid of die verrigting van die plig deur die Minister self nie;

(d) kan die bevoegdheid om te subdelegeer insluit; en

(e) kan deur die Minister ingetrek word.

(2A) Die Minister moet in die Staatskoerant kennis gee van enige delegering van 'n bevoegdheid of plig aan 'n LUR, die bestuursowerheid van 'n beskermde gebied of 'n staatsorgaan.

(2B) Die Minister kan enige besluit geneem ten gevolge van 'n delegering of subdelegering ingevolge hierdie artikel, bekragtig, wysig of intrek behoudens enige regte wat 'n persoon as gevolg van die besluit toegeval het.

(2C) Die Minister mag nie 'n bevoegdheid of plig delegeer nie wat ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet by die Minister berus-

(a) om regulasies uit te vaardig;

(b) om kennisgewings in die Staatskoerant te publiseer;

(c) om 'n lid van 'n raad of komitee aan te stel; of

(d) om privaat grond te onteien.

(3) Die Direkteur-generaal kan 'n bevoegdheid of plig wat by hom of haar by of kragtens hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet berus, delegeer aan-

(a) die bekleër van 'n amp in die Departement; of

(b) na oorlegpleging met 'n provinsiale departementshoof, 'n amptenaar in 'n provinsiale administrasie of munisipaliteit.

(4) Die Direkteur-generaal kan 'n persoon aan wie 'n bevoegdheid of plig gedelegeer is deur die Direkteur-generaal toelaat om daardie bevoegdheid of plig verder te delegeer.

(5) 'n Delegering bedoel in subartikel (3) en die toestemming bedoel in subartikel (4)-

(a) moet skriftelik wees;

(b) kan aan voorwaardes onderhewig gestel word;

(c) verhoed nie die uitoefening van die bevoegdheid of die verrigting van die plig deur die Direkteur-generaal self nie; en

(d) kan deur die Direkteur-generaal ingetrek word.

Artikel 42A - Delegering van bevoegdhede deur LUR

(1) Die LUR van 'n provinsie kan 'n bevoegdheid of plig wat ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet berus by of gedelegeer is aan die LUR, delegeer aan-

(a) die hoof van daardie LUR se departement;

(b) die bestuursowerheid van 'n provinsiale of plaaslike beskermde gebied;

(c) 'n munisipaliteit, by ooreenkoms met die munisipaliteit; of

(d) enige provinsiale staatsorgaan, by ooreenkoms met daardie staatsorgaan.

(2) 'n Delegering ingevolge subartikel (1)-

(a) moet skriftelik wees;

(b) kan aan voorwaardes onderhewig gestel word;

(c) verhoed nie die uitoefening van die bevoegdheid of verrigting van die plig deur die LUR self nie;

(d) kan die bevoegdheid om te subdelegeer insluit; en

(e) kan deur die LUR ingetrek word.

(3) Die LUR kan enige besluit wat geneem is ten gevolge van 'n delegering of subdelegering ingevolge hierdie artikel bekragtig, wysig of intrek, behoudens enige regte wat 'n persoon as gevolg van die besluit toegeval het.

(4) Die LUR mag nie 'n bevoegdheid of plig delegeer nie wat ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet by die LUR berus-

(a) om regulasies uit te vaardig;

(b) om kennisgewings in die Provinsiale Koerant te publiseer;

(c) om 'n lid van 'n raad of komitee aan te stel; of

(d) om privaat grond te onteien.

Artikel 47A - Regulasies, regsdokumente en stappe geldig onder sekere omstandighede

(1) 'n Regulasie of kennisgewing, of 'n magtiging, permit of ander dokument ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet uitgevaardig of uitgereik-

(a) maar wat nie voldoen aan enige prosedurele vereiste van die betrokke Wet nie, is nietemin geldig indien die nie-voldoening nie wesenlik is nie en dit nie enige persoon benadeel nie; of

(b) kan gewysig of vervang word sonder voldoening aan 'n prosedurele vereiste van die betrokke Wet indien-

(i) die doel is om 'n fout reg te stel; en

(ii) die regstelling nie die regte of pligte van enige persoon wesenlik verander nie.

(2) Die versuim om enige stappe ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet te doen as 'n voorvereiste vir enige besluit of optrede, maak nie die besluit of optrede ongeldig nie, indien die versuim-

(a) nie wesenlik is;

(b) nie enige persoon benadeel nie; en

(c) nie prosedureel onbillik is nie.

Artikel 47B - Oorlegpleging

Wanneer daar ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet van die Minister of 'n LUR vereis word om met enige persoon of staatsorgaan oorleg te pleeg, word daar geag dat aan sodanige oorlegpleging voldoen is indien formeel skriftelik aan daardie persoon of staatsorgaan kennis gegee is van voorneme om op te tree en geen reaksie binne 'n redelike tyd ontvang is nie.

Artikel 47C - Verlenging van tydperke

Die Minister of 'n LUR kan 'n tydperk ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet, behalwe 'n tydperk wat die Minister of LUR bind, verleng of 'n versuim deur 'n persoon om aan so 'n tydperk te voldoen, kondoneer.

Artikel 47D - Betekening van dokumente

(1) 'n Kennisgewing of ander dokument ingevolge hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet kan aan 'n persoon uitgereik word-

(a) deur dit per hand te beteken;

(b) deur dit per geregistreerde pos te stuur-

(i) na daardie persoon se werks- of woonadres; of

(ii) in die geval van 'n regspersoon, na sy geregistreerde adres of hoofkantoor; of

(c) waar 'n adres ondanks redelike navraagdoening onbekend is, deur dit een keer in die Staatskoerant te publiseer en een keer in 'n plaaslike koerant wat in die omgewing van daardie persoon se laasbekende woon- of werksadres in omloop is.

(2) 'n Kennisgewing of ander dokument wat ingevolge subartikel (1) (b) of (c) aan 'n persoon uitgereik is, moet, tensy die teendeel bewys word, geag word onder die aandag van daardie persoon te gekom het.

Artikel 49 - Beperking van aanspreeklikheid

Nóg die Staat nóg enige ander persoon is aanspreeklik vir enige skade of verlies veroorsaak deur-

(a) die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig kragtens hierdie Wet of enige spesifieke omgewingsbestuurswet; of

(b) die versuim om enige bevoegdheid uit te oefen, of enige plig te verrig kragtens hierdie Wet of enige spesifieke omgewingsbestuurswet,

tensy die uitoefening van, of versuim om die bevoegdheid uit te oefen, of verrigting of versuim om die plig te verrig, onregmatig, nalatig of te kwader trou was.